Universiteit Stellenbosch

BELEID INSAKE DIE KOMMERSIËLE ONTGINNING VAN INTELLEKTUELE EIENDOM

Effektiewe datum: 1 Desember 2010

Desember 2004, soos deur die US Raad goedgekeur
Gewysig op grond van die Wet op Intellektuele Eiendomsregte uit Staatsgefinansierde Navorsing en Ontwikkeling (Wet 51 van 22 Desember 2008) en die Regulasies ingevolge die Wet

INHOUD

DEEL 1 US-BELEID INSAKE DIE KOMMERSIËLE ONTGINNING VAN INTELLEKTUELE EIENDOM

1.1 Inleiding tot die IE-beleid
1.2 Toepassing van die IE-beleid

1.2.1 Algemeen
1.2.2 Uitvindings
1.2.3 Konsepte met besigheidspotensiaal
1.2.4 Navorsing en kontraknavorsing
1.2.5 Kortkursusse
1.2.6 Handelsmerke

1.3 Geskilbeslegting
1.4 Slotsom

DEEL 2 EIENAARSKAP VAN INTELLEKTUELE EIENDOM

2.1 Personeel

2.1.1 Algemeen
2.1.2 Bepalings ten opsigte van kopiereg
2.1.3 Bepalings ten opsigte van uitvindings, modelle, planttelersregte en kundigheid
2.1.4 Navorsing en kontraknavorsing
2.1.5 Staatsregte
2.1.6 Konsultasiewerk
2.1.7 IE wat in werknemers van die US setel
2.1.8 IE wat in kontrakwerkers van die US setel
2.1.9 Gesamentlike diensstaat

2.2 Studente

2.2.1 Algemeen
2.2.2 Bepalings ten opsigte van kopiereg
2.2.3 Bepalings ten opsigte van uitvindings, modelle, planttelersregte en kundigheid
2.2.4 Buite-organisasies wat beurse toestaan
2.2.5 IE wat in studente setel
2.2.6 Voorsiening vir voorafbestaande IE
2.2.7 Werkstukke, verhandelinge en tesisse
2.2.8 Staatsregte

2.3 Besoekende dosente en nadoktorale genote

2.4 Buite-organisasies
2.5 Handelsmerke

DEEL 3 PROSEDURES VIR DIE BESKERMING EN KOMMERSIËLE ONTGINNING VAN INTELLEKTUELE EIENDOM

3.1 Identifisering van IE
3.2 Registreerbare uitvindings
3.3 Bekendmaking van IE
3.4 Registrasie van patente, modelle en planttelersregte
3.5 Sagteware
3.6 Oordrag en lisensiëring van IE

DEEL 4 PROSEDURES VIR DIE KOMMERSIËLE ONTGINNING VAN INTELLEKTUELE EIENDOM DEUR AFWENTELMAATSKAPPYE

4.1 Maatskappystrukture
4.2 Dienste deur InnovUS aan afwentelmaatskappye gebied
4.3 Belangebotsing

DEEL 5 VERDELING VAN INKOMSTE VERKRY UIT DIE KOMMERSIALISERING VAN INTELLEKTUELE EIENDOM

5.1 Toewysing van inkomste verkry uit kommersiële ontginning van IE
5.2 Toewysing van inkomste verkry uit kommersiële ontginning van IE waar gedeelde eienaarskap geld
5.3 Geldelike en nie-geldelike voordele
5.4 Betalings aan uitvinders, skeppers en outeurs

DEEL 6 BYLAE

BYLAAG A: Definisies

BYLAAG B: Wette waarna in hierdie IE-beleid verwys word

Kopiereg © 2010 Universiteit Stellenbosch, Alle regte voorbehou

DEEL 1: US-BELEID INSAKE DIE KOMMERSIËLE ONTGINNING VAN INTELLEKTUELE EIENDOM

1.1 INLEIDING TOT DIE IE-BELEID

Die Universiteit Stellenbosch ("**US**") het hierdie Beleid insake die Kommersiële Ontginning van Intellektuele Eiendom ("**IE-beleid**") ontwikkel op grond van die Universiteit se missie om in verbondenheid aan die akademiese ideaal van uitmuntende wetenskapbeoefening 'n omgewing te skep en te handhaaf waarbinne kennis ontdek, gedeel en tot voordeel van die gemeenskap aangewend kan word. Die US is verbind tot navorsing en ontwikkeling ("**N&O**") wat tot nuwe kennis, uitvindings en produkte kan lei, en om die waarde van hierdie kennisbasis tot voordeel van die US, uitvinders en die groter gemeenskap te ontsluit. Die kommersialisering van die kennisbasis en tegnologie-oordrag word beskou as 'n integrale deel van die US se verpligting om kennis tot openbare voordeel aan te wend.

Aan die US word alle belanghebbende partye aangemoedig om hulle van hierdie IE-beleid te vergewis en te verseker dat alle navorsings- en verwante aktiwiteite wat tot IE kan aanleiding gee, in ooreenstemming met hierdie IE-beleid uitgevoer word. Hierdie IE-beleid is van toepassing op alle kampusse van die US, alle tydelike en permanente werknemers op sy betaalstaat, kontrakwerkers, alle geregistreerde studente, nadoktorale genote, en besoekende dosente aan die US. Werknemers en kontrakwerkers van die US word in hierdie dokument gesamentlik "**personeel**" genoem. Die IE-beleid het ook implikasies vir die navorsingskliënte en -vennote van die US.

Met die samestelling van hierdie IE-beleid is deeglik kennis geneem van die Wet op Intellektuele Eiendomsregte uit Staatsgefinansierde Navorsing en Ontwikkeling (Wet 51 van 2008) ("**die 2008-wet**"), en die Regulasies ingevolge die 2008-wet uitgevaardig ("**die Regulasies**"). Die doel van die 2008-wet is om te verseker dat intellektuele eiendom wat uit staatsgefinansierde navorsing en ontwikkeling voortvloei, tot voordeel van die inwoners van Suid-Afrika geïdentifiseer, beskerm, benut en gekommersialiseer word, ongeag of dit 'n maatskaplike, ekonomiese, militêre of ander voordeel behels. Kragtens die 2008-wet beteken "intellektuele eiendom" enige intellektuele skepping wat deur die reg beskerm kan word teen gebruik deur 'n ander persoon, hetsy kragtens Suid-Afrikaanse reg of buitelandse reg rakende intellektuele eiendom, en sluit enige regte in sodanige skepping in, maar sluit kopieregwerke soos tesisse, proefskrifte, artikels, handboeke, of enige ander publikasie wat in die normale loop van sake met konvensionele akademiese werk geassosieer word, uit.

Die 2008-wet maak voorsiening vir die stigting van 'n Nasionale Kantoor vir die Bestuur van Intellektuele Eiendom ("National Intellectual Property Management Office"/"**NIPMO**"). NIPMO moet die doelwitte van die 2008-wet bevorder, wat die statutêre beskerming, bestuur en kommersialisering van intellektuele eiendom behels. Daar word van tersiêre instellings verwag om binne 12 maande ná inwerkingtreding van die Wet 'n Kantoor vir Tegnologie-oordrag ("**KTO**") te stig en in stand te hou. InnovUS sal die rol van die KTO aan die US vervul. InnovUS is daarmee belas om te verseker dat die wettige IE-regte van die US, sy personeel, studente, besoekende dosente, nadoktorale genote en vennote beskerm word en om die resultate van N&O deur middel van tegnologie-oordrag aan die gemeenskap beskikbaar te stel. InnovUS is behoorlik deur die US gemagtig om hierdie funksie te vervul. Die vernaamste doel van InnovUS is dus om hierdie IE-beleid in 'n wedersyds voordelige vennootskap met die akademiese gemeenskap van die US in werking te stel en om binne die toepaslike wetlike raamwerk sy werksaamhede uit te voer.

Kopiereg © 2010 Universiteit Stellenbosch, Alle regte voorbehou

1.2 TOEPASSING VAN DIE IE-BELEID

1.2.1 ALGEMEEN

Die doel van die IE-beleid is nie om in alle opsigte omvattend te wees nie. Dit maak egter deel uit van die US se geïntegreerde bestuursmodel, en moet tesame met die Universiteit se ander beleid gelees word, met inbegrip van die US se Navorsingsbeleid, die US se Volkostebeleid, en die US se beleid insake Kortkursusse. Die doel van hierdie IE-beleid is spesifiek om neer te lê hoe IE wat in die US-omgewing ontstaan, hanteer moet word. Die IE-beleid:

(a) hanteer spesifiek eienaarskap en die ontginning van IE in deel 2, 3 en 4 van hierdie IE-beleid; en
(b) sit spesifiek in deel 5 van hierdie IE-beleid uiteen hoe die US daarna streef om te verseker dat uitvinders en outeurs, wat personeel, studente, nadoktorale genote en besoekende dosente van die US insluit, 'n regmatige deel van die inkomste uit die kommersialisering van sodanige IE ontvang.

1.2.2 UITVINDINGS

Die US sal kragtens deel 3 van hierdie IE-beleid prosedures in plek stel insake uitvindings deur personeel, studente, nadoktorale genote en besoekende dosente aan die US, wat sal help om te verseker dat:

(a) daar feitelik bepaal kan word in wie die IE-regte insake sodanige uitvindings gesetel moet wees en, indien van toepassing, in wie se naam enige uitvindings dus geregistreer moet word;
(b) daar behoorlik gesorg word dat die nodige bystand en advies aan uitvinders gegee word om te verseker dat die regte van alle betrokke partye met betrekking tot hul uitvindings beskerm is ten tyde van openbaarmaking van die resultate van hul N&O-werk;
(c) die proses van registrasie van 'n uitvinding sorgvuldig hanteer word, en dat daar deeglik oorweging geskenk is aan die akademiese strewe om vakkundige bevindings te publiseer;
(d) daar in elke geval 'n regverdige verdeling van tantième en van enige ander inkomste uit die uitvinding tussen die US en die uitvinder(s) gemaak word, met inagname van die koste wat deur die betrokke partye aangegaan is ten opsigte van die maak van die uitvinding, en die praktiese toepassing en verfyning daarvan, en, indien van toepassing, tydens die registrasieproses van sodanige uitvinding; en
(e) die lewensvatbaarheid en besigheidspotensiaal van sodanige uitvindings na behore geëvalueer kan word.

1.2.3 KONSEPTE MET BESIGHEIDSPOTENSIAAL

Die US sal kragtens deel 3 van hierdie IE-beleid prosedures in plek stel insake konsepte, planne en idees met besigheidspotensiaal wat deur personeel, studente, nadoktorale genote en besoekende dosente onder die aandag van die US gebring word, wat sal help om te verseker dat:

(a) die lewensvatbaarheid en kommersiële potensiaal van sodanige idees na behore geëvalueer kan word;

(b) die gepaste sorg aan die dag gelê word om te verseker dat die inhoud van sodanige konsepte, planne en/of idees vertroulik gehou word na gelang van behoefte;

(c) daar behoorlik gesorg word dat die promotor van 'n idee ondersteuning ontvang, wat onder andere in die vorm van opleiding, bystand, advies, mentordiens en inkubasieruimte kan wees, ten einde te verseker dat die kennis en ruimte daargestel word om die onderneming suksesvol te ontwikkel; en

Kopiereg © 2010 Universiteit Stellenbosch, Alle regte voorbehou

(d) daar in elke geval ’n regverdige verdeling van aandele, tantième en/of ander inkomste uit die onderneming tussen die US en die promotor van ’n idee gemaak word, met inagname van enige koste wat deur die betrokke partye aangegaan is ten opsigte van vestiging van die onderneming, met inbegrip van ’n leningsrekening.

1.2.4 NAVORSING EN KONTRAKNAVORSING

In die geval van N&O wat in samewerking met ander organisasies onderneem is, vereis die US dat:

(a) die IE-belange van die US en sy personeel, studente, nadoktorale genote en besoekende dosente ten volle beskerm is wanneer kontrakte met sodanige ander organisasies gesluit word; en
(b) met inagname van bogenoemde, ’n skriftelike ooreenkoms voor die aanvang van die kontraknavorsing met sodanige ander organisasie aangegaan word ten opsigte van:
- die regte en verpligtinge van alle betrokke partye met betrekking tot IE wat uit die N&O kan voortvloei;
- die benutting van sodanige IE, met inbegrip van die toestaan van lisensies en kommersialiseringsregte; en
- eise om en betaling van tantième asook enige ander inkomste uit sodanige IE.

1.2.5 KORTKURSUSSE

Die US-beleid insake Kortkursusse hanteer die bestuur en verspreiding van inkomste wat met betrekking tot sodanige kortkursusse ontwikkel is. Die gebruik van die US-handelsmerk in die aanbieding van kortkursusse word ook in die US-beleid insake Kortkursusse hanteer. Daar moet egter daarop gelet word dat kragtens paragraaf 2.1.2 van hierdie IE-beleid, die US aanspraak maak op die kopiereg van die kursusmateriaal van kortkursusse.

1.2.6 HANDELSMERKE

’n Handelsmerk van die US is ’n merk (met inbegrip van logo’s) wat geregistreer is met die doel om in die loop van handel die dienste of produkte van die US van dié van sy mededingers te onderskei. ’n Handelsmerk gee die US die reg om mededingers se gebruik van die merk met betrekking tot identiese of selfs soortgelyke produkte of dienste uit te sluit. (Sien ook paragraaf 2.5, “Handelsmerke”.)

1.3 GESKILBESLEGTING

Enige geskil rakende die interpretasie of toepassing van hierdie IE-beleid sal ooreenkomstig die Grieweprosedure van die US hanteer word.

1.4 SLOTSOM

In sy strewe om ’n kennisvennoot vir die regering, die privaat sektor en die gemeenskap te wees, gee die US met hierdie IE-beleid erkenning daaraan dat sy personeel vry moet wees om studie- en navorsingsgebiede te kies en te volg, om die resultate van hul intellektuele pogings met kollegas en eweknieë te deel, en om die tradisionele vryhede te behou vir die uitvoer van vakkundige en wetenskaplike werk. Hierbenewens is die oogmerk dat daar in die toepassing van hierdie IE-beleid gehoor gegee sal word aan die beginsels van ope en volledige openbaarmaking, regverdigheid teenoor die uitvinders en skeppers van IE en teenoor die US, en die behoefte aan begrip en welwillendheid van die partye wat ’n belang in IE het.

Kopiereg © 2010 Universiteit Stellenbosch, Alle regte voorbehou

DEEL 2: EIENAARSKAP VAN INTELLEKTUELE EIENDOM

2.1 PERSONEEL

2.1.1 ALGEMEEN

Alle personeel moet daarop let dat eienaarskap van IE wat deur hulle geskep is in die normale gang en bestek van hul pligte en verpligtinge, in die US vestig. Deel 3, 4 en 5 van hierdie IE-beleid beskryf hoe die US poog om te verseker dat sy personeellede ’n regmatige aandeel kry van die opbrengs wat uit die ontginning van sodanige IE voortvloei.

2.1.2 BEPALINGS TEN OPSIGTE VAN KOPIEREG

Die eienaarskap van alle kopiereg in werke wat deur werknemers van die US geskep word in die normale gang en bestek van hul pligte, vestig kragtens artikel 21(1) van die Wet op Kopiereg (Wet 98 van 1978) in die US. Kragtens paragraaf 2.1.8 is kontrakwerkers verplig om die kopiereg van alle werke wat tydens die uitvoering van hul kontraktuele verpligtinge ontstaan, aan die US oor te dra.

- **Identifikasie van kopieregwerke**

In soverre dit prakties moontlik is, moet alle kursusmateriaal, rolprente, klankopnames, gepubliseerde uitgawes en rekenaarprogramme (sagteware) wat deur US-personeel in die uitvoering van hul pligte geskep is, soos volg geïdentifiseer word:

Kopiereg © [vul jaartal in], Universiteit Stellenbosch
Alle regte voorbehou

of

Copyright © [insert year], Stellenbosch University
All rights reserved

Die jaartal in die verklaring is die jaar waarin afskrifte van die werk vir die eerste keer aan studente of lede van die publiek beskikbaar gestel is of waarin die werk andersins gepubliseer is.

- **Kursusmateriaal**

Alle kursusverwante materiaal wat deur US-personeel geskep is in die normale gang en bestek van hul pligte, met inbegrip van hul onderrig-, navorsings- en gemeenskapsinteraksie-funksies, sal, tensy anders ooreengekom, beskou word as werke wat ontstaan het in die bestek van die personeellede se diensverpligtinge. Dit sluit in werke wat geskep is in die uitvoering van ’n personeellid se normale pligte, of in die uitvoering van spesifieke onderrig-, navorsings- en gemeenskapsinteraksie-projekte aan die personeellid opgedra. Sodanige werke sal onder andere die volgende insluit: alle kursusmateriaal, met inbegrip van WebCT- of soortgelyke webgebaseerde modules; klasnotas; transparante; toets- en eksamenvraestelle; kortkursusmateriaal en alle ander materiaal wat in kontak- en afstandsonderrig (met inbegrip van telematiese onderrig) en informele en nie-formele onderrigfunksies (byvoorbeeld gemeenskapsonderrig) gebruik word. Dit sluit ook sagteware, databasisse, en video- en multimediamateriaal in wat deur die personeellid vir onderrigdoeleindes ontwikkel is.

’n Personeellid wat die diens van die US verlaat, moet voor sy of haar vertrek ’n afskrif van alle onderrigmateriaal wat deur hom of haar in die loop van sy of haar diens ontwikkel is aan sy of haar departementele voorsitter of ’n ander aangewese persoon oorhandig. Op voorwaarde dat alle verwysings na die US verwyder word, sal ’n voormalige personeellid

Kopiereg © 2010 Universiteit Stellenbosch, Alle regte voorbehou

van die US nie verhoed word om onderrigmateriaal wat deur hom of haar geskep is vir normale onderrigdoeleindes by ander instellings te gebruik nie.

Personeellede mag ook kursusmateriaal wat deur hulle voorberei is by ander werke wat hulle skep (byvoorbeeld handboeke), insluit. Indien 'n personeellid egter sodanige werk (byvoorbeeld handboeke) aan US-studente wil voorskryf om aan te koop vir kursusse wat by die US aangebied word, moet sodanige personeellid eers vooraf goedkeuring van sy of haar dekaan verkry.

- **Sagteware en multimedia**

Die kopiereg op rekenaarprogramme, databasisse, films en video's, klankopnames, uitsendings en multimediamateriaal wat deur personeellede in die uitvoering van hul pligte ontwikkel word, sal in beginsel in die US vestig, maar die US kan toestem tot alternatiewe reëlings in gepaste omstandighede. 'n Personeellid wat die diens van die US verlaat, moet voor sy of haar vertrek 'n afskrif van alle sodanige materiaal wat deur hom of haar in die uitvoering van sy of haar pligte ontwikkel is aan sy of haar departementele voorsitter oorhandig.

Personeel word ook aangemoedig om afskrifte te hou van alle ontwerp- en verwysingsmateriaal wat op die ontwikkeling van sagteware van toepassing is. Die kopiereg in sodanige materiaal sal in beginsel in die US gesetel wees, maar die US kan toestem tot alternatiewe reëlings in gepaste omstandighede. Personeel moet sodanige materiaal asook die kode van die programme wat in die loop van hul navorsing ontstaan as vertroulik hanteer, en mag sodanige materiaal slegs op versoek aan behoorlik gemagtigde personeel van die US beskikbaar stel. Verwysingsmateriaal en programkode wat uitsluitlik ontwikkel word vir die doeleindes van demonstrasie aan studente in die loop van konvensionele akademiese onderrigaktiwiteite mag egter vryelik aan sodanige studente beskikbaar gemaak word. Sulke materiaal en kode sal deel wees van kursusmateriaal wat hierbo hanteer word.

Aansoeke om alternatiewe reëlings ten opsigte van kopieregwerke hieronder genoem, moet skriftelik aan InnovUS gerig word.

Personeel moet ook daarop bedag wees dat, alhoewel rekenaarprogramme deur kopiereg beskerm word en normaalweg nie patenteerbaar is nie, dit nie noodwendig van toepassing is as die rekenaarprogram 'n nuwe tegniese toepassing het nie, in welke geval sodanige rekenaarprogram wél ook patenteerbaar kan wees.

- **Oopbronsagteware**

Ongeag die US se aanspraak op eienaarskap van sagteware wat deur sy personeel geskep word, ondersteun en bevorder die US die skep van, en deelname aan die skep van, oopbronsagteware.

Die US laat gewoonlik die publikasie van oopbronsagteware op oopbronstelsels toe, met dien verstande dat die personeellid die proses wat in hierdie beleid beskryf word, nakom. Daar word van personeellede verwag om hul voorneme om oopbronsagteware te skep of om aan die ontwikkeling daarvan deel te neem vooraf openbaar te maak tensy hul daarvan vrygestel is deur skriftelike kennisgewing. Aangesien InnovUS moontlik NIPMO-goedkeuring moet kry vir die publikasie van oopbronsagteware, sal personeellede verplig wees om sodanige inligting wat InnovUS vereis rakende die ontwikkeling daarvan aan InnovUS te verskaf. InnovUS sal die openbaarmaking evalueer en onderneem om te poog om binne vier weke ná die openbaarmaking met die personeellid in gesprek te tree oor of alternatiewe middele van ontginning van die beoogde sagteware bestaan al dan nie, en op watter voorwaardes die sagteware op 'n oopbronbasis beskikbaar gestel mag word. Indien sodanige personeellid nie sy of haar voorneme openbaarmaak nie, mag InnovUS enige stappe doen soos nodig geag om die IE in die sagteware te beskerm. Personeel wat

Kopiereg © 2010 Universiteit Stellenbosch, Alle regte voorbehou

oopbronkode uitsluitlik ontwikkel vir die doeleindes van demonstrasie aan studente in die loop van konvensionele akademiese onderrigaktiwiteite hoef nie aan InnovUS kennis te gee van sodanige ontwikkeling nie en sal vrygestel wees van bogemelde proses vir solank die kode slegs vir onderrigdoeleindes gebruik word. Sulke kode sal deel wees van kursusmateriaal wat hierbo hanteer word.

Personeellede moet hulle vergewis van die lisensievoorwaardes van toepassing op die gebruik van die betrokke oopbronsagteware, en dit tydig aan InnovUS openbaarmaak. Personeellede moet aan die bepaalde lisensiebepalings voldoen sowel as aan die voorwaardes wat InnovUS ten opsigte van die spesifieke ontwikkeling mag voorskryf.

- **Vakkundige werke en kunswerke**

Die US maak gewoonlik nie aanspraak op inkomste uit die kategorieë hieronder gelys nie, selfs as die skep van die betrokke werk binne die bestek van die personeellid se pligte val.

- Artistieke werke van ’n suiwer estetiese aard (byvoorbeeld skilderye), maar met uitsondering van artistieke werke van ’n funksionele aard, soos ontwerpmateriale (byvoorbeeld vloeidiagramme, stroombaandiagramme en ontwerpsketse)
- Literêre werke (byvoorbeeld digbundels, artikels of boeke), maar met uitsondering van kursusmateriaal en literêre werke van ’n hoofsaaklik funksionele aard (byvoorbeeld databasisse en ontwerpmateriaal)
- Musiekwerke (byvoorbeeld komposisies, uitvoerings van musiekwerke en opnames daarvan)

Vakkundige werke (byvoorbeeld handboeke) mag egter net aan US-studente voorgeskryf word vir aankope vir kursusse wat by die US deur ’n personeellid aangebied word indien dit deur die personeellid se dekaan goedgekeur is.

Die kopiereg van akademiese handboeke en akademiese artikels wat deur US-personeel geskryf is, bly in sodanige personeellid gesetel, met dien verstande dat die US op gepaste wyse in die publikasie daarvan erken word. Vir die ander werke hierbo beskryf, moet personeellede egter met InnovUS skakel en verseker dat hul beoogde publikasies op hierdie manier hanteer word voordat hulle voortgaan met die publikasie van enige sodanige werk. Op voorwaarde dat die US regtens daartoe in staat is en tensy hulle anders deur die US in kennis gestel is, sal die kopieregeienaarskap of gebruiksregte van hierdie soort werke aan personeellede toegestaan word en sal hulle geregtig wees op die inkomste wat daaruit voortvloei (buiten vir die werke wat daarvan uitgesluit is soos hierbo beskryf, ten opsigte waarvan die US wél op die kopiereg aanspraak maak). In hierdie verband moet personeellede daarop let dat slegs kopieregwerke wat met konvensionele akademiese werk geassosieer word, van die bepalings van die 2008-wet uitgesluit is, welke Wet vereis dat NIPMO die eerste opsie gegee word om die IE in werke te bekom wat uit staatsgefinansierde navorsing en/of ontwikkeling ontstaan, indien die US nie op sodanige IE aanspraak maak nie. Alle transaksies deur personeellede ten opsigte van kopieregwerke wat deur hulle besit word (byvoorbeeld met uitgewers), moet in hul eie naam aangegaan word en sal vir die rekening en verantwoordelikheid van sodanige personeellede alleenlik wees.

2.1.3 BEPALINGS TEN OPSIGTE VAN UITVINDINGS, MODELLE, PLANTTELERSREGTE EN KUNDIGHEID

Die personeel van die US (met inbegrip van werknemers en kontrakwerkers) se aandag word daarop gevestig dat alle regte, belang en aanspraak in enige uitvinding, planttelersreg, model, handelsgeheim en kundigheid, hetsy registreerbaar of nie, wat deur sodanige personeellede van die US in die nakoming van hulle verpligtinge en verantwoordelikhede by die US geskep word, regtens in die US setel, en in soverre dit nie regtens setel nie, die personeellede sodanige regte

Kopiereg © 2010 Universiteit Stellenbosch, Alle regte voorbehou

en belange aan die US oordra. Tensy anders ooreengekom, sluit dit alle uitvindings en kundigheid in wat deur personeellede ontwikkel word op die spesialisasiegebied waarop die betrokke personeellede by die US aangestel is.

Die voormelde oordragte sluit in alle regte, aanspraak en belang in enige uitvindings wat deur die personeellid tydens die nakoming van sy of haar werksverpligtinge en verantwoordelikhede ontwikkel is, ongeag of die aansoek om registrasie van 'n patent, model of planttelersreg eers ná die beëindiging van die personeellid se werksverhouding met die US ingedien word.

Alle uitvindings, planttelersregte, modelle, kundigheid en handelsgeheime wat ontwikkel word deur 'n personeellid gedurende sy of haar dienstydperk by die US, en wat verband hou met die spesialisasiegebied waarop die personeellid by die US aangestel is, word geag voortspruitend te wees uit staatsgefinansierde navorsing aan die US, en ontwikkel binne sy of haar diensbestek by die US, tensy die personeellid aan die hand van 'n ooreenkoms, logboek of dergelike bewysmateriaal anders kan bewys. Enige sodanige uitvinding, planttelersreg, model, handelsgeheim of kundigheid wat binne 12 maande ná die beëindiging van sy of haar diensverhouding met die US bekend gemaak is, word ook geag voortspruitend te wees uit staatsgefinansierde navorsing aan die US, en ontwikkel binne sy of haar diensbestek by die US, tensy die personeellid aan die hand van 'n ooreenkoms, logboek of dergelike bewysmateriaal anders kan bewys.

2.1.4 NAVORSING EN KONTRAKNAVORSING

Daar word groot waarde geheg aan navorsing as een van die kernfunksies van die US se akademiese personeel. Die aard van die navorsing kan óf fundamenteel/teoreties óf van 'n meer toegepaste aard wees. In die geval van teoretiese navorsing, kan die potensiële kommersiële waarde daarvan moontlik nie gedurende die aanvangstadia van die ondersoeke duidelik wees nie. Daarom moet alle navorsers bedag wees op die potensiële waarde van hulle IE in hul wisselwerking met medenavorsers of sakevennote. Die bedoeling is nie om vakkundige akademiese kontak en samewerking, of deelname aan konferensies en byeenkomste, te strem nie, maar om navorsers daarop bedag te maak dat voortydige en onbeskermde bekendmakings van navorsingsresultate tot verlies aan erkenning, IE-beskerming en die ontginning van verdere geleenthede kan lei.

Personeel van die US wat ander opvoedkundige inrigtings of ander instansies besoek met die oog daarop om navorsingsidees met hulle te bespreek waaruit IE moontlik kan voortspruit, of wat tydens navorsingsverlof elders navorsing uitvoer, moet seker maak dat geskikte ooreenkomste oor IE-regte gesluit word voordat die besoek plaasvind. Personeel kan die Afdeling Navorsingsontwikkeling hieroor kontak.

Op 'n soortgelyke wyse moet personeellede wat deur buite-instansies genader word om kontraknavorsing of konsultasiewerk vir sodanige instansies te doen, ongeag die plek waar die kontraknavorsing plaasvind, seker maak dat geskikte kontrakte in plek is. Sodanige ooreenkomste moet vooraf deur die US goedgekeur word, en in ooreenstemming wees met die prosedures wat in die Kontraknavorsingsbeleid en hierdie IE-beleid voorgeskryf word. Die Afdeling Navorsingsontwikkeling sal personeellede met hierdie proses behulpsaam wees. InnovUS, in samewerking met die Afdeling Navorsingsontwikkeling, is ook beskikbaar om personeel behulpsaam te wees met die onderhandeling van sodanige kontrakte se klousules wat betref intellektuele eiendom en kommersialisering. Kontraknavorsing word geag deel te wees van staatsgefinansierde navorsing aan die US, en ontwikkel in die normale uitvoering van die personeellid se werksverpligtinge by die US, en die IE wat vanweë sodanige kontraknavorsing kan onstaan, setel dus in die US, tensy anders ooreengekom met die betrokke buite-instansie, en onderworpe aan die toepaslike wetgewing.

IE-regte: Volkoste

Kopiereg © 2010 Universiteit Stellenbosch, Alle regte voorbehou

Die US skenk redelike oorweging aan enige versoeke van buite-instansies wat betref eienaarskap van IE-regte wat uit sodanige navorsing of konsultasie spruit, met dien verstande dat die navorsing of konsultasie op 'n volkostegrondslag gedoen word, soos voorgeskryf deur die US se IE-beleid vir Bepaling van Volkoste vir Navorsing en Navorsingsverwante Kontrakte. Die omvang van die buite-instansie se bydraes sal hier bepalend wees, asook die instansie se finansiering van die navorsing, sy voorsiening van fasiliteite of toerusting, sy bydrae tot agtergrond-IE, asook sy deelname aan die werklike navorsingspogings en die kommersialisering daarvan.

IE-regte: Nie volkoste
Wanneer navorsingskontrakte nie op 'n volkostebasis aangegaan word nie, moet die US die toepaslike wetlike raamwerk in ag neem, met inbegrip van toepassing op staatsgefinansierde N&O by die US. Enige oordrag of toedeling aan die buite-instansie van IE-regte wat uit sodanige kontraknavorsing kan spruit, en nie op 'n volkostebasis gefinansier of gesamentlik ontwikkel is nie, moet vooraf deur NIPMO goedgekeur en deur die aangewese persoon van die US onderteken word, en moet voldoen aan die betrokke wetlike raamwerk.

Voorafbestaande IE
Waar 'n personeellid van die US deur 'n buite-instansie versoek word om 'n studie te doen waarin voorafbestaande IE (soos omskryf in bylaag A) wat nie aan die US behoort nie, verder ontwikkel moet word, of waar 'n probleem wat daarmee verband hou, opgelos moet word, word die US se eienaarskap beperk tot die IE in die verbeterings, uitbreidings en veranderings wat betref die voorafbestaande IE wat uit die ondersoek of navorsing spruit. Dit behels ook enige patente, planttelersregte, modelle en kopieregte wat uit sodanige verbeterings, uitbreidings en veranderings kan spruit. In al sodanige gevalle moet die betrokke personeellid InnovUS onmiddellik in kennis stel van die gebruik en afhanklikheid van die tersaaklike voorafbestaande IE om te verseker dat die partye se onderskeie regte in en op die IE wat uit die navorsing spruit, in die toepaslike skriftelike ooreenkoms uiteengesit kan word.

2.1.5 STAATSREGTE

Personeel se aandag word ook gevestig op die reg van die Suid-Afrikaanse regering wat betref IE wat uit alle N&O spruit wat direk of indirek met staatsgeld gefinansier word, soos vervat in die 2008-wet en tersaaklike Regulasies. Die US moet aan sodanige wetlike raamwerk voldoen. Gemelde wetlike raamwerk is nie van toepassing op kopieregwerke wat uit konvensionele akademiese werk spruit, of op IE wat ontstaan uit navorsing waarvan die volkoste (soos omskryf in die US se IE-beleid vir Bepaling van Volkoste vir Navorsing en Navorsingsverwante Kontrakte) deur 'n buitepersoon of -instansie gedek is nie. InnovUS sal personeel help om te bepaal of die wetlike raamwerk van toepassing is op navorsing al dan nie, maar personeellede moet aanvaar dat dit wél die geval sal wees, totdat die aangewese persoon van die US die navorsingsprojek gesertifiseer het as in ooreenstemming met die Volkostebeleid.

Die US moet gereeld aan NIPMO verslag doen rakende IE wat ontstaan het uit navorsing wat die US en personeellede met staatsgeld gefinansier het, by gebreke waarvan NIPMO kan eis dat nie-geopenbaarde IE aan hulle oorgedra word. Personeellede en buite-instansies wat by navorsingskontrakte betrokke is, moet toestemming verleen vir sodanige openbaarmaking. NIPMO is onder wetlike verpligting om sodanige geopenbaarde inligting as vertroulik te hanteer.

NIPMO het gewoonlik ook die eerste opsie om in te tree en eienaarskap te bekom van IE wat uit staatsgefinansierde navorsing spruit indien die US sodanige eienaarskap van die hand wys of nalaat om wetlike beskerming ten opsigte daarvan te bekom. Slegs indien NIPMO eienaarskap van sodanige IE van die hand wys, kan die US aan enige buite-instansies in die eerste plek, en aan die betrokke personeellid in die tweede plek, die geleentheid bied om die IE te bekom. Weereens is dit nie van toepassing op navorsing ten opsigte waarvan die buite-instansie die volkoste gedek het of op outeursregwerke wat met konvensionele akademiese werk verband hou nie.

Kopiereg © 2010 Universiteit Stellenbosch, Alle regte voorbehou

2.1.6 KONSULTASIEWERK

Ten einde paragraaf 2.1.4, 2.1.5 en 2.1.6 korrek te interpreteer, word daar 'n onderskeid getref tussen *konsultasie* en *kontraknavorsing*, soos omskryf in die lys definisies in bylaag A. Paragraaf 2.1.5 en 2.1.6 moet ook saamgelees word met die US se Algemene Prosedure vir Privaatwerk van November 2006.

Die produk van konsultasiewerk, ongeag of dit 'n verslag, 'n opinie, of enige vorm van produk of diens is, kan gelewer word deur 'n personeellid van die US aan 'n buite-instansie, met inbegrip van die kopiereg op die produk, met dien verstande dat geen vertroulike inligting van die US openbaar gemaak mag word sonder die US se vooraf skriftelike toestemming nie. Die US se vertroulike inligting sluit in alle navorsingsresultate wat ontstaan in die gewone loop van die uitvoering van personeel se pligte by die US. Die rede vir hierdie vereiste is dat die US wil voorkom dat die US en sy personeel se regte op akademiese publikasie benadeel word. Die US behou gevolglik die kopiereg op die rou data wat geskep word tydens navorsing vir sodanige konsultasiewerk, ten einde onder andere verdere navorsing aan te moedig. Personeellede van die US dra daarom die kopiereg en enige ander regte wat in sodanige rou data kan setel aan die US oor, tensy anders met die US ooreengekom.

Aangesien kundigheid/kennis in elk geval in konsultasiewerk toegepas word, word nuwe kennis en uitvindings nie normaalweg in die proses geskep nie en daarom maak die US nie aanspraak op die produkte van konsultasiewerk nie, behalwe in die geval van toevallige kundigheid ("serendipitous knowledge") (sien definisie in bylaag A). Gevolglik moet kontrakte vir konsultasiedienste wat direk tussen personeellede en buite-instansies aangegaan is altyd toevallige kundigheid van die aflewerbare produk uitsluit. Toevallige kundigheid word geag kundigheid te wees wat uit die US se navorsing met staatsgeld spruit, en synde in die normale uitvoering van die personeellede se diensverpligtinge by die US.

Die US verstaan dat sekere soorte konsultasiewerk nie sinvol sonder die gebruik van die US se infrastruktuur uitgevoer kan word nie (byvoorbeeld vir kliniese proefnemings in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe, en moderne navorsingstoerusting in die US se Sentrale Analitiese Fasiliteit), wat addisionele koste vir die US meebring. In so 'n geval moet die betrokke buite-instansie 'n ooreenkoms met die US aangaan, met inbegrip van die wyse waarop die US vergoed moet word vir sodanige gebruik en die hantering van die IE wat daaruit spruit. By gebrek aan sodanige ooreenkoms of die betaling van die ooreengekome vergoeding, word alle IE wat uit sodanige konsultasiewerk spruit geag voort te gevloei het uit die US se navorsing met staatsgeld, en setel dit aldus in die US. Die US se standaardheffing op kontrakte, soos van tyd tot tyd vasgestel, is van toepassing op hierdie soort kontrakte. Sodanige kontrakte moet vooraf deur die US goedgekeur word en in ooreenstemming wees met die prosedures wat in die Kontraknavorsingsbeleid voorgeskryf word.

Ander soorte privaat werk wat nie binne die definisie van konsultasie val nie, word geag kontraknavorsing te wees, tensy vooraf anders ooreengekom, en word ingevolge paragraaf 2.1.4 hanteer.

2.1.7 IE WAT IN WERKNEMERS VAN DIE US SETEL

As 'n personeellid daarop aanspraak maak dat eienaarskap van IE in hom of haar setel, en redelikerwys aan die US kan bewys dat sodanige IE nie op enige wyse uit N&O gespruit het wat met staatsgeld uitgevoer is nie, en dat dit buite die normale loop en omvang van sy of haar diensverpligtinge ontstaan het, sal die US waarskynlik aanvaar dat die personeellid geregtig is op die eienaarskap daarvan. Die US sal oorweging skenk daaraan of die IE in die loop van die konsultasiewerk ontstaan het, of die US se infrastruktuur gebruik is, wat die personeellid se akademiese titel of rang is, en/of wat die aard van sy of haar werksverhouding met die US is.

Kopiereg © 2010 Universiteit Stellenbosch, Alle regte voorbehou

Indien personeellede die IE wat in hulle setel kommersieel wil benut, sal InnovUS hulle teen 'n markverwante tarief daarmee behulpsaam wees.

2.1.8 IE WAT IN KONTRAKWERKERS VAN DIE US SETEL

Persone wat op 'n kontrakbasis deur die US aangestel is, word ingesluit by die term "personeel" en "personeellede", soos hierbo gebruik, en is daarom onderworpe aan dieselfde voorwaardes wat betref IE-regte wat op die werknemers van die US van toepassing is, tensy daar uitdruklik anders ooreengekom is. Waar IE geskep deur 'n kontrakwerker in die uitvoering van sy of haar werksverpligtinge by die US regtens nie in die US setel nie, moet sodanige kontrakwerker sy of haar volle regte, titel en belang ten opsigte van sodanige IE, met inbegrip van uitvindings, modelle, planttelersregte, kundigheid en kopiereg, aan die US oordra. Om enige twyfel uit die weg te ruim, sal 'n bepaling te dien effekte ingesluit word by alle skriftelike kontrakte wat met kontrakwerkers aangegaan word.

Die verhouding tussen die US en kontrakwerkers word bepaal deur 'n skriftelike kontrak wat onder andere vir die volgende voorsiening maak:

- Oordrag aan die US van IE-regte wat nie regtens in die US setel nie
- Vrywaring teen skending van IE-regte van derde partye
- Afstanddoening van morele regte in die geval van kopiereg

Elke kontrakwerker moet 'n openbaarmakingsvorm invul ten opsigte van enige sodanige IE wat in die loop van sy of haar kontrakwerk ontstaan.

Die US vergoed kontrakwerkers ten opsigte van inkomste wat verdien is uit IE-regte op dieselfde basis as wat op werknemers van die US van toepassing is, in ooreenstemming met deel 5 van hierdie IE-beleid.

2.1.9 GESAMENTLIKE DIENSSTAAT

Die eienaarskap van IE van personeel wat op 'n gesamentlike diensstaat van die US en 'n buite-instansie is, word bepaal ingevolge die ooreenkoms tussen die US en die betrokke buite-instansie, en onderworpe aan tersaaklike wetgewing, met inbegrip van die wyse waarop dit van toepassing kan wees op staatsgefinansierde N&O. Tensy anders in sodanige ooreenkoms bepaal, setel alle IE wat deur 'n personeellid in die nakoming van sy of haar diensverpligtinge by die US geskep is, in die US.

2.2 STUDENTE

2.2.1 ALGEMEEN

Studente van die US gebruik die US se infrastruktuur, en doen werk in die loop van hulle studie om 'n kwalifikasie te bekom onder leiding en met die ondersteuning van US-personeel. Alle IE wat kan spruit uit werk wat deur studente in die loop van hulle studie uitgevoer word, ongeag of dit aan die US voorgelê word al dan nie, word geag te ontstaan binne die konteks van die US se staatsgefinansierde N&O, en setel gevolglik in die US. Dit sluit kopiereg, patentregte, planttelersregte, modelregte en alle tersaaklike kundigheid in. In soverre sodanige IE nie regtens in die US setel nie, dra studente sodanige IE aan die US oor. Sodanige oordrag geskied ooreenkomstig en as deel van die registrasieproses as student. Die voormelde toekenning van IE kan in sekere omstandighede verander word deur 'n skriftelike ooreenkoms tussen die student en die US. Sodanige ooreenkoms is onderworpe aan alle toepaslike wetgewing, wat insluit hoe dit op die US se staatsgefinansierde navorsing van toepassing kan wees. Studente kan InnovUS nader om sodanige alternatiewe voorwaardes te bespreek.

2.2.2 BEPALINGS TEN OPSIGTE VAN KOPIEREG

Kopiereg © 2010 Universiteit Stellenbosch, Alle regte voorbehou

- **Studieverwante materiaal**

Studente dra hulle kopieregte op alle werke wat geskep kan word tydens die uitvoering van hulle studieverpligtinge (met inbegrip van alle navorsing wat as deel van sodanige studies uitgevoer word) aan die US oor. Dit sluit in alle aanbiedings, opdragte, toetse en eksamenantwoordboeke, werkstukke, verhandelinge, proefskrifte, klank- en video-opnames, sagteware, databasisse, ontwerpe en modelle wat deur studente ontwikkel is in die uitvoering van hul studies. In hierdie verband moet daar aan die vereistes van die US se jaarboek wat betref die invoeging van kopieregkennisgewings en outeurskapsverklarings in akademiese materiaal, byvoorbeeld verhandelinge en proefskrifte, voldoen word. Die US kan in sekere gevalle besluit om eienaarskap van die kopiereg in sy geheel of gedeeltelik aan die student oor te dra, of kan hom of haar andersins magtig om die werk kommersieel of andersins te gebruik.

- **Kunswerke**

Inkomste uit die kategorieë werk wat hieronder gelys word, word nie gewoonlik deur die US geëis nie, selfs al word die betrokke werk in die loop van die student se studie geskep.

- Artistieke werke van 'n suiwer estetiese aard (byvoorbeeld skilderye), maar met uitsondering van artistieke werke van 'n oorwegend funksionele aard, soos ontwerpmateriaal (byvoorbeeld vloeidiagramme, stroombaandiagramme en ontwerptekeninge)
- Literêre werke (byvoorbeeld digbundels, artikels of boeke), maar met uitsondering van kursusmateriaal en literêre werke van 'n oorwegend funksionele aard, soos databasisse en ontwerpmateriaal
- Musiekwerke (komposisies, uitvoerings van musiekwerke en opnames daarvan)

Met betrekking tot hierdie soort werke moet studente met InnovUS in verbinding tree en seker maak dat hulle beplande publikasies as sulks hanteer sal word voordat hulle voortgaan met die publikasie daarvan. Mits die US regtens daartoe in staat is, en tensy anders deur die US verwittig, sal die eienaarskap van outeursreg of gebruiksregte op hierdie soort werke aan studente toegestaan word en sal hulle geregtig wees op die inkomste wat daaruit voortvloei (buiten vir die werke wat daarvan uitgesluit is soos hierbo beskryf, ten opsigte waarvan die US wél op die kopiereg aanspraak maak). In hierdie verband word studente se aandag daarop gevestig dat slegs kopieregwerke wat met konvensionele akademiese werk verband hou, uitgesluit is van die bepalings van die 2008-wet, wat vereis dat NIPMO eerste opsie gegee word om die IE te verkry in werke wat uit staatsgefinansierde navorsing en/of ontwikkeling spruit indien sodanige IE nie deur die US opgeëis word nie. Alle transaksies deur studente ten opsigte van kopieregwerke wat aan hulle behoort (byvoorbeeld met uitgewers) word in hul eie naam aangegaan en is vir die rekening en die verantwoordelikheid van sodanige studente alleenlik.

- **Sagteware**

Studente word aangemoedig om afskrifte te hou van alle ontwerp- en verwysingsmateriaal wat verband hou met die ontwikkeling van sagteware wat ontstaan in die loop van hul studies by SU. Studente moet sodanige materiaal, asook die programkode, as vertroulik beskou en sodanige materiaal op versoek slegs aan personeel wat behoorlik daartoe gemagtig is beskikbaar stel. Verwysingsmateriaal en programkode wat ontwikkel word in die loop van studente se deelname aan konvensionele akademiese onderrigaktiwiteite mag egter vryelik aan hul dosente en ander deelnemende studente beskikbaar gemaak word.

Studente moet ook bewus gemaak word daarvan dat, ofskoon rekenaarprogramme deur kopiereg beskerm word en gewoonlik nie patenteerbaar is nie, dit nie noodwendig van

Kopiereg © 2010 Universiteit Stellenbosch, Alle regte voorbehou

toepassing is indien die rekenaarprogram 'n nuwe tegniese toepassing het nie, in welke geval 'n rekenaarprogram ook patenteerbaar kan wees. Indien die student onseker is hieroor, word hy of sy aangemoedig om InnovUS in hierdie verband te nader.

Nieteenstaande die US se reg op eienaarskap van sagteware wat deur sy studente geskep word, ondersteun en bevorder die US die skepping van, en deelname aan die ontwikkeling van, oopbronsagteware.

Die US verleen gewoonlik toestemming vir die publikasie van oopbronsagteware en oopbronstelsels, mits die student voldoen aan die proses wat in hierdie beleid weergegee word. Tensy hulle daarvan vrygestel is deur skriftelike kennisgewing, word daar van studente verwag om hulle voorneme bekend te maak om oopbronsagteware te skep of aan die ontwikkeling daarvan deel te neem en om InnovUS te voorsien van sodanige inligting oor die ontwikkeling as wat InnovUS kan verlang, aangesien InnovUS NIPMO-goedkeuring kan benodig voor die publikasie van sodanige oopbronsagteware. InnovUS sal die openbaarmaking evalueer en poog om binne vier weke ná die openbaarmaking met die student te bespreek of alternatiewe maniere vir die gebruik van die voorgestelde sagteware bestaan, en of en op watter voorwaardes die sagteware op 'n oopbrongrondslag beskikbaar gestel mag word. In die geval waar 'n student nalaat om sy of haar voorneme openbaar te maak, kan InnovUS enige sodanige stappe doen as wat nodig is om die IE in die sagteware te beskerm. Studente wat oopbronkode uitsluitlik ontwikkel vir die doeleindes van deelname aan konvensionele akademiese onderrigaktiwiteite hoef nie aan InnovUS kennis te gee van sodanige ontwikkeling nie en sal vrygestel wees van bogemelde proses vir solank die kode slegs vir onderrigdoeleindes gebruik word.

Studente moet hulle vergewis van die lisensievoorwaardes wat van toepassing is op die gebruik van die betrokke oopbronsagteware, dit aan InnovUS bekend maak, en verder aan sodanige lisensievoorwaardes en bepalings voldoen as wat InnovUS in verband met die bepaalde ontwikkeling kan voorskryf.

2.2.3 BEPALINGS TEN OPSIGTE VAN UITVINDINGS, MODELLE, PLANTTELERSREGTE EN KUNDIGHEID

Studente van die US se aandag word daarop gevestig dat alle regte, titel en belange met betrekking tot enige uitvinding, planttelersreg, model, handelsgeheim en kundigheid, hetsy registreerbaar of nie, wat sodanige studente in die loop van hul studie en/of navorsing aan of vir die US tot stand bring, regtens in die US setel, en in soverre dit nie regtens in die US setel nie, dra studente sodanige regte en belange aan die US oor. Tensy daar anders ooreengekom word, sal dit alle uitvindings en kundigheid insluit wat studente ontwikkel in die rigting van spesialisasie waarin hulle gedurende die termyn van hul studie aan die US studeer.

Voormelde afstanddoening sal alle regte, titel en belange met betrekking tot enige uitvindings insluit wat die student gedurende sy of haar studies ontwikkel, en waarvoor 'n aansoek om die registrasie van 'n patent, model of planttelersreg ná die beëindiging van sy of haar diensverhouding met die US ingedien word.

Alle uitvindings, kundigheid en handelsgeheime wat 'n student gedurende sy of haar studie aan die US ontwikkel, en wat verband hou met die rigting van spesialisasie waarin die student aan die US studeer, sal as voortspruitend uit US se staatsgefinansierde navorsing en binne die uitvoering van sy of haar pligte vir die US geag word, tensy die student die teendeel kan bewys op grond van 'n ooreenkoms, logboek of dergelike bewysmateriaal.

2.2.4 BUITE-ORGANISASIES WAT BEURSE TOESTAAN

Waar buite-organisasies studente van studiebeurse of stipendiums voorsien om aan die US te studeer, en regte bekom met betrekking tot die IE wat uit die studie of navorsing deur die

Kopiereg © 2010 Universiteit Stellenbosch, Alle regte voorbehou

tersaaklike student spruit, moet sodanige organisasies InnovUS nader om die verlening van sodanige regte te bespreek. Studente mag nie sodanige regte direk aan enige buite-organisasie verleen nie. Die buite-organisasie sal vooraf kontraktueel met die US moet ooreenkom oor die eienaarskap en ontginning van IE wat uit die student se studie of navorsing aan of vir die US kan ontstaan. Sodanige ooreenkoms sal onderworpe wees aan enige toepaslike wetlike raamwerk, ook in soverre dit op die US se staatsgefinansierde N&O betrekking kan hê. Dit is die student se verantwoordelikheid om bystand te verleen om sodanige ooreenkoms tot stand te bring.

In besonder moet studente en borgorganisasies daarop let dat 'n studiebeurs of stipendium wat aan 'n student, of aan die US namens 'n student, betaal word om die student se fooie vir studie aan die US te dek (soos huisvesting- en klasgeld), nie die volkoste van die student se studie of navorsing dek nie. Sodanige studie en navorsing sal uit staatsgeld gesubsidieer word en gevolglik sal die IE wat in die konteks van sodanige studie en navorsing tot stand kom, regtens in die US setel. Enige onafhanklike oordrag of verlening van IE-regte deur die student met betrekking tot sodanige IE sal dus ongeldig en onafdwingbaar wees.

Studente sal op dieselfde wyse as US-personeel in die finansiële vergoeding deel wat spruit uit die kommersiële aanwending van IE wat hulle geskep het, soos bepaal in deel 5 van hierdie beleid.

2.2.5 IE WAT IN STUDENTE SETEL

Indien 'n student beweer dat eienaarskap van IE in hom of haar setel, en redelikerwys aan die Direkteur: InnovUS kan bewys dat sodanige IE nié in die normale loop en bestek van sy of haar studie of ingevolge navorsing aan of vir die US tot stand gekom het nie, sal die US aanvaar dat hy of sy geregtig is op die eienaarskap daarvan. Indien studente die IE wat in hulle setel kommersieel wil aanwend, sal InnovUS hulle teen markverwante vergoeding in hierdie verband bystaan.

2.2.6 VOORSIENING VIR VOORAFBESTAANDE IE

Ingeval 'n student voornemens is om 'n werkstuk of tesis (byvoorbeeld vir 'n honneurs- of magistergraad) of 'n verhandeling (vir 'n doktoraat) in te dien wat enige voorafbestaande IE (soos ingevolge die omskrywing in bylaag A) bevat met betrekking waartoe 'n buite-entiteit regte besit (ongeag of dit deur die student ontwikkel is), soos IE wat voorheen ingevolge 'n kontrak met 'n buite-organisasie tot stand gebring is (wat insluit in sy/haar hoedanigheid as werknemer of konsultant), moet sodanige student dit voor registrasie of so gou moontlik nadat hy of sy daarvan bewus geword het aan die US bekend maak. Die US sal geensins verplig wees om sodanige insluiting van voorafbestaande IE te aanvaar nie. (In hierdie verband, sien ook paragraaf 2.2.1 hierbo.)

Die student sal die omvang van die buite-organisasie se regte op die voorafbestaande IE moet bekend maak, en moet sodanige toestemming bekom as wat die US kan vereis om die voorafbestaande IE by die materiaal in te sluit wat by die US ingedien sal word. Die US kan kies om 'n ooreenkoms met die tersaaklike buite-organisasie te sluit oor die voorafbestaande IE wat by die student se werkstuk/tesis/verhandeling ingesluit is of daarmee verband hou. In hierdie verband moet daar kennis geneem word dat die US die alleeneienaar sal wees van die outeursreg op die werkstuk/tesis/verhandeling wat by die US ingedien word, ondanks die insluiting van voorafbestaande IE daarby. Voorts sal die US die alleeneienaar wees van die IE in enige verbetering, uitbreiding of verandering van die voorafbestaande IE wat uit die student se werk kan spruit.

Daarbenewens sal die US op die reg aanspraak maak om die inhoud van die ingediende materiaal so gou redelik moontlik te publiseer. In uitsonderlike omstandighede kan die US instem om sodanige publikasie te vertraag, maar dit is Universiteitsbeleid om nie enige werkstuk/tesis/verhandeling vir langer as drie jaar vertroulik te hou nie. Tensy daar skriftelik

Kopiereg © 2010 Universiteit Stellenbosch, Alle regte voorbehou

anders ooreengekom word, sal die US dus die reg behou om enige werkstuk/tesis/verhandeling wat by die Universiteit ingedien word op enige manier te publiseer wat die US gepas ag.

2.2.7 WERKSTUKKE, VERHANDELINGE EN TESISSE

Volgens paragraaf 2.2.2 besit die US die outeursreg op die werkstuk/tesis/verhandeling, en kan die US dit publiseer soos die Universiteit dit gepas ag, wat insluit in gedrukte of elektroniese vorm. Die student kan ook die werkstuk/tesis/verhandeling, of 'n gewysigde weergawe daarvan, op sy of haar eie publiseer of laat publiseer, wat insluit in 'n vaktydskrif of as deel van 'n boek, mits hy of sy voor sodanige publikasie aan die res van die bepalings van hierdie beleid, in besonder paragraaf 3.3 hierin, voldoen in soverre dit op die bekendmaking van nuwe uitvindings, modelle en planttelersregte betrekking het.

Ter voldoening aan die US Jaarboek, moet studente daarop let dat hulle nie sonder die voorafskriftelike goedkeuring van die dekaan van die tersaaklike fakulteit (of sy of haar gedelegeerde) hul werkstukke/tesisse/verhandelinge, of 'n gewysigde weergawe daarvan, in enige vorm buiten as 'n artikel in 'n geakkrediteerde akademiese vaktydskrif mag publiseer nie. 'n Voorwaarde vir verdere publikasie is dat hulle die tersaaklike navorsing eers in een of meer artikels in geakkrediteerde akademiese vaktydskrifte publiseer wat die US vir hierdie doeleinde erken én in sodanige artikels daaraan erkenning verleen dat die betrokke navorsing aan die US onderneem is.

Die US kan ooreenkomstig afdeling 3 en 4 van hierdie beleid patente, planttelersregte, modelle en verwante kundigheid wat uit 'n student se werkstuk/tesis/verhandeling spruit, kommersieel ontgin.

2.2.8 STAATSREGTE

Studente moet ook let op die regte van die Suid-Afrikaanse regering met betrekking tot IE wat ontstaan uit alle staatsgefinansierde navorsing wat in die 2008-wet en verwante Regulasies vervat is. Hierdie wetlike raamwerk geld nie vir outeursregwerke wat verband hou met konvensionele akademiese werk, of IE uit navorsing waarvan die volkoste (ingevolge die omskrywing in bylaag A) deur 'n buitepersoon of -entiteit betaal is nie. InnovUS sal studente bystaan om te bepaal of die wetlike raamwerk op die bepaalde navorsing betrekking het al dan nie, maar 'n student behoort in die algemeen te aanvaar dat dit wél geld, totdat InnovUS hom of haar van die teendeel in kennis stel.

Die US moet gereeld aan NIPMO verslag doen oor IE wat US-personeellede en -studente skep. Indien die US hierin sou versuim, kan NIPMO daarop aandring dat IE wat nog nie bekend gemaak is nie, aan hom oorgedra word. Studente en buite-organisasies wat by navorsingskontrakte betrokke is, moet tot sodanige bekendmaking instem. NIPMO is regtens verplig om sodanige inligting vertroulik te hou.

NIPMO het gewoonlik ook die eerste opsie om in te tree en eienaarskap te bekom van IE wat voortspruit uit staatsgefinansierde navorsing spruit indien die US sodanige eienaarskap van die hand wys of nalaat om wetlike beskerming ten opsigte daarvan te bekom. Slegs indien NIPMO eienaarskap van sodanige IE van die hand wys, kan die US aan enige buite-instansies in die eerste plek, en aan die betrokke student in die tweede plek, die geleentheid bied om die IE te bekom. Weereens is dit nie van toepassing op navorsing ten opsigte waarvan die buite-instansie die volkoste gedra het of op outeursregwerke wat met konvensionele akademiese werk verband hou nie.

2.3 BESOEKENDE DOSENTE EN NADOKTORALE GENOTE

Die bepalings van afdeling 2.2 van hierdie beleid met betrekking tot Universiteitstudente sal *mutatis mutandis* vir nadoktorale genote en besoekende dosente aan die US geld met betrekking tot die IE wat

Kopiereg © 2010 Universiteit Stellenbosch, Alle regte voorbehou

gedurende hul verblyf aan die US tot stand kom. Nadoktorale genote en besoekende dosente moet voor hul besoek ŉ vertroulikheidsooreenkoms onderteken ingevolge waarvan hulle onderneem om alle vertroulike inligting wat gedurende hul besoek aan die US onder hul aandag kom vertroulik te hou, en om dit nie op ŉ ander manier as wat die US toelaat te gebruik nie. Nadoktorale genote en besoekende dosente sal ook aan die bepalings van hierdie IE-beleid moet voldoen. Hulle erken dat, indien hulle gedurende hul tyd aan die US by enige navorsingsprojek van die US betrokke raak wat tot die totstandkoming van IE kan lei, sodanige IE in die US sal setel indien die IE uit staatsgefinansierde navorsing en ontwikkeling aan die US sou spruit. In soverre sodanige IE nie volgens wet in die US setel nie, dra nadoktorale genote en besoekende dosente sodanige IE aan die US oor.

Die US maak slegs aanspraak op IE van nadoktorale genote en besoekende dosente indien die IE gedurende hul verblyf aan die US ontstaan het of geskep is, of indien dit in ŉ later stadium van sodanige IE afgelei is, of van IE wat die US gedurende hul besoek aan hulle beskikbaar gestel het. Die US sal nadoktorale genote en besoekende dosente op dieselfde grondslag as personeel van die US met betrekking tot inkomste uit die IE-regte vergoed, ooreenkomstig deel 5 van hierdie beleid.

2.4 BUITE-ORGANISASIES

Die verlening van ŉ studiebeurs of stipendium, of die voorsiening van finansiële steun vir navorsing deur ŉ buite-organisasie impliseer nie dat die tersaaklike organisasie enige aanspraak het op die IE-regte wat uit sodanige finansiering kan ontstaan nie. Alle IE-regte wat tydens staatsgefinansierde navorsing en ontwikkeling aan die US ontstaan, sowel as uit navorsing wat gedeeltelik deur buite-organisasies gefinansier word, sal in die US setel, buiten in gevalle waar die IE saam met ŉ buite-organisasie se navorsers ontwikkel word, in welke geval eienaarskap van die IE tipies met sodanige buite-organisasie gedeel sal word.

Indien ŉ buite-organisasie regte wil bekom of wil deel in die kommersiële ontginning van IE wat aan of vir die US geskep is, moet dit ŉ navorsingskontrak met die US aangaan wat ooreenkomstig paragraaf 2.1.4 hanteer sal word. Alle kontrakte met betrekking tot sodanige IE, wat navorsingskontrakte insluit, moet skriftelik tussen die tersaaklike buite-organisasie en die US gesluit word, en moet amptelik deur die aangewese gemagtigde persone ooreenkomstig US-beleid goedgekeur word. Sodanige ooreenkoms sal tipies die toekenning van eienaarskap en die regte op die ontginning van die tersaaklike IE, sowel as die verdeling van inkomste daaruit, beskryf. Al sodanige ooreenkomste sal onderworpe wees aan die toepaslike wetlike raamwerk, ook in soverre dit op staatsgefinansierde navorsing en ontwikkeling aan die US betrekking het, wat insluit die bepalings van die 2008-wet en die Regulasies. Die omvang van die buite-organisasie se bydraes tot die navorsing sal grootliks die US se vermoë bepaal om regte met betrekking tot die gevolglike IE aan sodanige buite-organisasie te verleen. Sodanige bydraes kan insluit die organisasie se finansiering van die navorsing, voorsiening van fasiliteite of toerusting, bydrae van agtergrond-IE, en deelname aan die navorsingswerk self of aan die kommersialisering daarvan. Buite-organisasies moet kennis neem van die regte van die Suid-Afrikaanse regering met betrekking tot IE wat uit staatsgefinansierde navorsing ontstaan, soos dit vervat is in die Wet op Intellektuele Eiendomsregte uit Staatsgefinansierde Navorsing en Ontwikkeling en verwante Regulasies. Die US moet aan sodanige wetlike raamwerk voldoen. Hierdie raamwerk geld nie vir outeursregwerke wat verband hou met konvensionele akademiese werk of IE uit navorsing waarvan die volkoste (ingevolge die omskrywing in bylaag A) deur die buitepersoon of -entiteit gedek word nie. InnovUS sal ŉ buitepersoon bystaan om te bepaal of die wetlike raamwerk op die betrokke navorsing betrekking het al dan nie, maar sodanige buitepersoon behoort in die algemeen te aanvaar dat dit wél die geval is, totdat die aangewese verteenwoordiger van die US bevestig dat die navorsingsprojek aan die Volkostebeleid voldoen.

Ingevolge voormelde wetlike raamwerk moet die US gereeld aan NIPMO verslag doen oor IE wat Universiteitspersoneel en -studente uit staatsgefinansierde navorsing tot stand bring. Indien die US hierin sou versuim, kan NIPMO daarop aandring dat IE wat nog nie bekend gemaak is nie, aan hom oorgedra word. Buite-organisasies wat by navorsingskontrakte betrokke is, sal tot sodanige bekendmaking moet instem. NIPMO staan onder statutêre verpligting om sodanige inligting vertroulik te hou.

Kopiereg © 2010 Universiteit Stellenbosch, Alle regte voorbehou

NIPMO het in die algemeen ook die eerste opsie om in te tree en eienaarskap van IE te bekom wat uit staatsgefinansierde navorsing ontstaan indien die US sodanige eienaarskap van die hand wys of nalaat om gepaste wetlike beskerming ten opsigte daarvan te bekom. Slegs indien NIPMO nie eienaarskap van sodanige IE wil bekom nie, sal die US die tersaaklike buite-organisasie die geleentheid kan bied om die IE te verkry. Dít geld weereens nie vir navorsing met betrekking waartoe 'n buite-organisasie die volkoste gedek het nie.

2.5 HANDELSMERKE

Die US is die eienaar van verskeie geregistreerde en ongeregistreerde handelsmerke, en behou al sy regte met betrekking tot enige sodanige handelsmerke (wat enige logo's insluit), soos handelsmerke wat sy naam, wapen, afkorting of soortgelyke aanwysings insluit, of wat op 'n ander wyse op 'n verbintenis met die US dui. Dít sluit onder meer in die name Matie, Matieland en Coetzenburg, korporatiewe kleure, name en logo's wat deur departemente, institute, buro's of eenhede ontwikkel is of sal word, en die US se onderskeie internetdomeinname. Die gebruik van sodanige handelsmerke deur personeel, studente, navorsers en besoekende dosente in die loop van hul pligte of studie moet aan die toepaslike regulasies (byvoorbeeld met betrekking tot briefhoofde), soos dit deur InnovUS neergelê is, voldoen. Die gebruik van die US se handelsmerke vir privaat doeleindes of gewin deur personeel, studente, nadoktorale navorsers en/of besoekende dosente of lede van die publiek is streng verbode.

Die slagspreuk "Jou kennisvennoot – Your knowledge partner" is ook 'n geregistreerde handelsmerk van die US met betrekking waartoe alle regte voorbehou word. Die US behou die reg om sy naam of geregistreerde handelsmerke aan kommersiële vennote te lisensieer. Dít sluit in die lisensiëring van die US se naam in kortkursusse ingevolge die Beleid insake die Aanbieding van Kortkursusse aan die US.

Indien 'n personeellid, student, besoekende dosent en/of nadoktorale genoot die US se handelsmerke buite die bepalings van 'n erkende US-beleid wil gebruik, moet 'n aansoek om sodanige magtiging by InnovUS ingedien word. Gebruik daarvan deur die betrokke persoon sal onderworpe wees aan enige voorwaardes wat die US aan sodanige magtiging kan koppel.

Kopiereg © 2010 Universiteit Stellenbosch, Alle regte voorbehou

DEEL 3: PROSEDURES VIR DIE BESKERMING EN KOMMERSIËLE ONTGINNING VAN INTELLEKTUELE EIENDOM

3.1 IDENTIFISERING VAN IE

Die beskerming van die US se IE is die verantwoordelikheid van InnovUS. Om InnovUS in staat te stel om hierdie funksie te vervul, moet alle tersaaklike bestuurders sowel as die personeel en studente met InnovUS saamwerk en hulp verleen om die IE wat in die US-omgewing tot stand kom, te identifiseer en te beskerm. Die benutting daarvan deur InnovUS geskied in vennootskap met die uitvinder(s), tot voordeel van die US, sy personeel en studente. Die identifikasie van IE vind plaas deur middel van gereelde opnames en jaarverslae, en deur bekendmakings deur personeel en studente, *via* hul akademiese hoof, aan InnovUS. InnovUS bied die volgende dienste aan personeel en studente met betrekking tot die benutting van uitvindings, plantvariëteite, modelle, sakekonsepte en ander IE wat deur personeel en studente ontwikkel word:

- ’n Ondersoek van die tegnologie om vas te stel of die IE registreerbaar is
- ’n Raming van die kommersiële potensiaal daarvan
- ’n Ondersoek na kommersiële en lisensiëringsmoontlikhede
- Die voorlopige patentering van ’n uitvinding
- ’n Voorlopige markontleding, wat help met die opstel van ’n sakeplan, en die verkenning van ontginningsroetes (hetsy lisensiëring, die verkoop van regte, of die oprigting van afwentelmaatskappye)
- ’n Ondersoek na finansieringsbronne, die vorming van vennootskappe, en die opsporing van kopers
- Bedinging van sakekontrakte met kommersiële vennote
- Beskerming, monitering en verlening van deurlopende steun met betrekking tot IE nadat ’n kontrak met ’n vennoot gesluit is
- Die bestuur van verhoudings met kommersiële vennote sowel as die vloei van inkomste uit kommersiële ontginning
- Skakeling met en verslagdoening aan NIPMO, en die verkryging van NIPMO-goedkeurings waar nodig

In bepaalde gevalle kan InnovUS, in oorleg met die uitvinder(s), van derde partye gebruik maak om voormelde dienste te lewer. Die koste daaraan verbonde sal grotendeels uit die opbrengs uit IE-ontginning verhaal word, of moontlik uit die Intellektuele-eiendomsfonds in soverre NIPMO dit goedkeur. Indien die US nie in voormelde opbrengs deel nie, sal die tersaaklike personeellid en/of student alleen vir sodanige koste verantwoordelik wees.

Daar word gewoonlik van die betrokke personeellede en/of studente verwag om aan die kommersialiseringsproses deel te neem. Personeellede en studente stem in tot sodanige deelname, en sal redelikerwys in hierdie verband met die US en InnovUS saamwerk, wat insluit reise na, en terreinbesoeke aan, derdepartypersele ten einde kwessies met betrekking tot die IE en/of die verdere ontwikkeling daarvan vir kommersialisering te hanteer.

Indien ’n personeellid of student InnovUS nader met ’n voorstel vir die kommersiële ontginning van ’n sakekonsep of IE wat hy of sy self ontwikkel het en wat in hom of haar setel, sal InnovUS die moontlikhede vir sodanige ontginning in vennootskap met die persoon ondersoek. Indien die US déúr InnovUS sou besluit om nie by die voorgestelde kommersiële ontginning van die konsep of IE betrokke te raak nie, staan dit natuurlik die tersaaklike persoon vry om vir sy of haar eie rekening (hetsy wins of verlies) met sodanige ontginning van die konsep of IE voort te gaan. InnovUS kan egter sodanige persoon teen markverwante vergoeding hiermee bystaan.

Indien ’n personeellid of student InnovUS nader met ’n voorstel vir die ontginning van IE wat hy of sy self ontwikkel het, of IE aan InnovUS bekend maak waarvan die eienaarskap in die US setel, sal InnovUS eweneens die moontlikhede vir die voorgestelde kommersiële ontginning daarvan in oorleg

Kopiereg © 2010 Universiteit Stellenbosch, Alle regte voorbehou

met die tersaaklike personeellid of student ondersoek. Sodanige ondersoek, wat nie langer as ses maande sal duur nie, sal in voortdurende oorleg met die personeellid of student geskied, waarna die US die tersaaklike personeellid of student skriftelik in kennis sal stel of die Universiteit met die voorgestelde ontginning van die IE sal voortgaan of nie.

Besluite om IE wat in die US setel te ontgin, sal ooreenkomstig die toepaslike wetlike raamwerk geneem word, wat insluit enige tersaaklike riglyne wat NIPMO van tyd tot tyd publiseer, en die besluit sal aan die relevante persoon oorgedra word. Indien die US sou besluit om nie met die kommersiële ontginning van staatsgefinansierde IE voort te gaan nie, sal NIPMO van sodanige besluit in kennis gestel moet word, en kan NIPMO dan op sodanige IE aanspraak maak. Die US en die tersaaklike skepper(s) sal in so 'n geval daarop geregtig wees om die IE vir verdere navorsings- en onderrigdoeleindes te gebruik.

Ingeval die US sou versuim om die tersaaklike personeellid of student binne die ooreengekome tydperk van 'n besluit in kennis te stel, is die tersaaklike student of personeellid daarop geregtig om by die US om magtiging aansoek te doen om self met die voorgestelde ontginning voort te gaan. InnovUS kan sodanige persone teen markverwante vergoeding hiermee bystaan. Personeel en studente moet daarop let dat die US verplig is om die toepaslike wetlike raamwerk na te kom in die verlening van sodanige magtiging, en dat daar bepaald van die US verwag kan word om sodanige IE vir afstanddoening aan NIPMO en/of enige entiteit wat betrokke was by die finansiering van die navorsing waaruit die IE ontstaan, aan te bied, voordat die IE aan die tersaaklike personeellid of student aangebied kan word. Indien sodanige magtiging verleen word, sal dit onderworpe wees aan die staat se regte met betrekking tot die IE wat uit staatsgefinansierde navorsing spruit, soos ingevolge tersaaklike wetgewing aan NIPMO verleen word, wat insluit die staat se regte om sodanige IE vir gesondheids-, veiligheids- en noodbehoeftes van Suid-Afrika aan te wend, en om eksklusiewe gebruiksregte te beëindig en/of die verlening van lisensies te vereis rakende sodanige IE as dit nie behoorlik gekommersialiseer word nie.

3.2 REGISTREERBARE UITVINDINGS

'n Registreerbare uitvinding is enige produk, proses, metode, toestel, samestelling van materie, of verbetering aan 'n bestaande produk, proses, metode of toestel, wat redelikerwys as nuut en vindingryk beskou kan word en in die nywerheid, landbou of handel gebruik kan word.

Die nuutheidsvereiste is veral belangrik vir patente, modelle en planttelersregte, en enige uitvinder met 'n idee moet dit eers aan die hand van alle reeds bekende tegnologie ("state of the art") toets. Reeds bekende tegnologie sluit in alle publikasies oor en gebruike van soortgelyke produkte, prosesse en metodes, veral op die betrokke toepassingsgebied. 'n Aanbeveling deur die betrokke departementele voorsitter en/of dekaan oor die meriete van 'n idee word ten tyde van bekendmaking aan InnovUS vereis. Die uitvinder moet te alle tye verseker dat die uitvinding vertroulik gehou word, aangesien voortydige publikasie of openbare gebruik die moontlikhede vir 'n patent, modelregistrasie of beskerming van planttelersregte kan benadeel – die nuutheid van die uitvinding word vernietig indien dít gebeur. Dít sluit in bekendmaking aan enige lid van die publiek sonder sy of haar skriftelike onderneming om die uitvinding vertroulik te hou. Indien enigeen van sodanige voortydige bekendmaking bewus word, moet InnovUS onmiddellik daarvan in kennis gestel word.

Sowel patent- as outeursregbeskerming kan op sekere uitvindings van toepassing wees. 'n Tipiese en belangrike voorbeeld is sagteware. Sodanige gevalle word deur spesiale bepalings gereguleer (sien paragraaf 3.5).

3.3 BEKENDMAKING VAN IE

Ten einde maksimum benutting van nuwe IE te verseker, moet die bepaling en bekendmaking daarvan aan InnovUS so gou moontlik (en in elk geval binne 90 dae) geskied, naamlik sodra 'n nuwe en potensieel nuttige produk, proses, metode of model ontwikkel is, 'n nuwe plantvariëteit of sagteware ontwikkel word of is, of 'n ongewone, onverwagte of nie-vanselfsprekende navorsingsresultaat of

Kopiereg © 2010 Universiteit Stellenbosch, Alle regte voorbehou

sakekonsep met die potensiaal om kommersieel of andersins toegepas te word, uitgedink of verkry word. Daar moet ook daarop gelet word dat NIPMO ingevolge die bepalings van die 2008-wet kan aanspraak maak op IE wat met behulp van staatsgeld geskep is en nie aan NIPMO bekend gemaak is nie. Dit is dus noodsaaklik dat alle nuwe IE vroegtydig aan InnovUS bekend gemaak word om sodanige nuwe IE by NIPMO aan te meld. Vroeë bekendmaking aan InnovUS maak gewoonlik deel uit van elke nuwe kontrak ingevolge waarvan ekstern gefinansierde navorsing onderneem word. By die US word navorsingskontrakte deur die Afdeling Navorsing en Ontwikkeling bestuur, wat met betrekking tot hierdie sake met InnovUS sal skakel. Ná bekendmaking word die dienste gelewer wat in paragraaf 3.1 uiteengesit word. Die bekendmaking van IE aan InnovUS moet skriftelik geskied, of soos InnovUS en die uitvinder of skepper van die IE ooreenkom.

Alle navorsers moet ŉ volledige en akkurate laboratoriumlogboek hou en ŉ behoorlike stelsel van laboratoriumbestuur toepas ten einde die US by te staan om die regte met betrekking tot nuwe IE te beskerm. Navorsers moet ook alle data met betrekking tot die uitvinding veilig bewaar sodat die US die IE kan beskerm, veral hangende die aansoek om registrasie van die tersaaklike IE-regte. Materiaal wat veilig bewaar moet word, sluit alle navorsingsmateriaal en -resultate, ontwerpmateriaal, en die bronkode van enige nuut ontwikkelde sagteware in. Navorsers moet, in samewerking met InnovUS, alle redelike maatreëls tref om ongemagtigde bekendmaking van die data en materiaal met betrekking tot enige nuwe IE (wat veral enige nuwe uitvinding, ontwerp en/of plantvariëteit insluit) te voorkom.

Aangesien openbare bekendmaking die moontlikhede van patentering, modelregistrasie en beskerming van planttelersregte vernietig, moet die publikasie van navorsingsresultate (onder meer in wetenskaplike tydskrifte of deur middel van voorlegging en by konferensies) teruggehou word totdat die US sodanige publikasie goedkeur. Die US sal probeer verseker dat die tydperk van nie-bekendmaking so kort moontlik gehou word. In hierdie verband moet daarop gelet word dat daar volgens wet van die US vereis kan word om goedkeuring van NIPMO te bekom voordat die openbare bekendmaking van IE gemagtig kan word. Hangende aansoek om die registrasie van die tersaaklike IE-regte, moet navorsers, in samewerking met InnovUS, alle redelike maatreëls tref om ongemagtigde bekendmaking van inligting met betrekking tot enige nuwe uitvinding, model en/of plantvariëteit te voorkom.

3.4 REGISTRASIE VAN PATENTE, MODELLE EN PLANTTELERSREGTE

InnovUS neem die finale besluit om ŉ patent, planttelersreg of model vir ŉ bepaalde uitvinding, plantvariëteit of ontwerp waarvan die eienaarskap in die US setel, te registreer al dan nie, en sal poog om binne drie maande ná bekendmaking daarvan te besluit oor die voorlopige beskerming van ŉ uitvinding, plantvariëteit of ontwerp. In hierdie verband sal die US ook poog om aan enige tersaaklike riglyne van NIPMO te voldoen. Indien die US sou besluit om voort te gaan met die registrasie van ŉ patent, planttelersreg of model rakende IE waarvan dit die eienaar is, sal die koste van die registrasie deur die US gedek word, buiten in soverre daar anders ooreengekom word.

In gevalle waar InnovUS besluit om nie ŉ patent, model of planttelersreg te registreer vir staatsgefinansierde IE waarvan dit die regte besit nie, moet die US NIPMO volgens die 2008-wet van sodanige besluit inlig en redes verstrek vir die besluit, in welke stadium NIPMO kan kies om eienaarskap van die IE te bekom. Indien NIPMO sou besluit om nie eienaarskap van die IE te bekom nie, sal die US, indien ŉ privaat organisasie tot die ontwikkeling van die IE bygedra het, sodanige organisasie die opsie gee om die IE te bekom en om statutêre beskerming daarvoor te verkry. Indien daar geen sodanige privaat organisasie bestaan nie, of indien sodanige organisasie nie die IE-regte wil bekom nie, sal die tersaaklike uitvinder(s) die opsie ontvang om eienaarskap van die IE te bekom en om vir hul eie rekening (hetsy wins of verlies) met die registrasie van ŉ patent, planttelersreg of model, en benutting van die betrokke uitvinding, plantvariëteit of ontwerp, voort te gaan.

Geen personeellid of student mag sonder die goedkeuring van die US deur InnovUS, op eie inisiatief óf via ŉ patenteprokureur, met die voorlopige of finale registrasie van ŉ patent, planttelersreg of model wat in die gewone verloop en bestek van sy of haar diens of studie ontstaan het, voortgaan nie, aangesien die eienaarskap daarvan in die US setel.

Kopiereg © 2010 Universiteit Stellenbosch, Alle regte voorbehou

Indien die US die koste van die registrasie van ’n patent, planttelersreg of model dra, is die US ook daarop geregtig om te besluit in watter geografiese gebiede die patent, planttelersreg of model geregistreer sal word. Indien die uitvinder reken dat die patent, planttelersreg of model ook in ander lande geregistreer moet word, sal dit slegs ná oorleg met InnovUS geskied.

Dit is die verstandhouding dat sommige of al die koste verbonde aan sodanige verdere registrasie deur die uitvinder gedek sal word, tensy die US instem om sodanige koste te dra. Indien die uitvinder(s) ál sodanige koste vir verdere registrasie dek, sal die inkomste uit die tersaaklike bykomende geografiese gebiede ook gewoonlik die uitvinder(s) toekom.

3.5 SAGTEWARE

Outeursregbeskerming geld vir sagteware, hoewel patentering ook van toepassing kan wees as sodanige sagteware aan bepaalde voorwaardes voldoen. Hierdie soort uitvinding word as ’n afsonderlike afdeling in hierdie beleid hanteer.

Die vestiging van IE-regte op sagteware word in deel 2 (paragraaf 2.1.2 en 2.2.2) verduidelik. Veral kontrakwerkers moet versigtig wees met betrekking tot sagteware wat in die loop van hul diens aan die US ontwikkel word. By die verstryking of beëindiging van werknemers en kontrakwerkers se kontrak met of diens aan die US, mag sodanige persone nie enige sagteware wat hulle in die gewone verloop en bestek van hul pligte aan die US ontwikkel het, gebruik, versprei, reproduseer of ’n afskrif daarvan met hulle saamneem nie, tensy uitdruklik daartoe gemagtig deur die US. Dit sluit in alle gepaardgaande ontwikkelingsmateriaal, hetsy skriftelik, elektronies of in enige ander vorm, en sodanige werknemers en kontrakwerkers moet ’n kopie van sodanige sagteware en die gepaardgaande ontwikkelingsmateriaal aan die persoon by die US oorhandig aan wie hulle voor hul vertrek verslag gedoen het. Voorts moet die personeellid die inhoud, struktuur en metodologie van die sagteware te alle tye vertroulik hou terwyl hy of sy in diens van die US is sowel as daarná, tensy die US die bekendmaking daarvan uitdruklik goedgekeur het.
Tensy hulle daarvan vrygestel is deur skriftelike kennisgewing moet personeellede en studente sagteware wat hulle ontwikkel (buiten vir die uitsluitlike doeleindes van deelname aan of demonstrasie in die loop van konvensionele akademiese onderrigaktiwiteite) aan die US bekend maak, aangesien dit belangrik is om al die moontlike IE-regte wat uit sodanige sagteware kan spruit vroegtydig te bepaal ten einde dit doeltreffend te beskerm. Voormelde bekendmaking moet aan InnovUS geskied. Sagteware wat ontwikkel is vir die uitsluitlike doeleindes van deelname aan of demonstrasie in die loop van konvensionele akademiese onderrigaktiwiteite hoef nie aan InnovUS openbaar te word nie, tensy sodanige sagteware ook vir ander doeleindes gebruik kan word. Let daarop dat die eienaarskap van die IE in sulke sagteware steeds in US vestig ongeag die nie-openbaarmaking daarvan.

Die bronkode van sagteware moet by voltooiing van die ontwikkeling van die sagteware, en, in geval van voortdurende ontwikkeling, by voltooiing van elke weergawe daarvan, aan die aangewese persoon by die US oorhandig word. In alle gevalle moet alle ontwikkelingsmateriaal en alle bestaande weergawes van die bronkode by voltooiing van pligte of beëindiging van diens van ’n personeellid of van studies deur ‘n student, aan InnovUS of enige ander persoon wat InnovUS vir sodanige ontvangs aanwys, oorhandig word.

3.6 OORDRAG EN LISENSIËRING VAN IE

Die US kan, hetsy deur InnovUS of andersins, ooreenkomste met sakevennote aangaan ten einde die IE wat Universiteitspersoneel en -studente ontwikkel kommersieel te ontgin. Sodanige ooreenkomste kan insluit die oordrag of lisensiëring van sodanige IE aan sakevennote. Die ooreenkomste sal aan die wetlike raamwerk van toepassing op IE uit staatsgefinansierde navorsing moet voldoen, tensy die tersaaklike navorsing ten volle deur ’n buite-organisasie gefinansier is of die betrokke IE ’n outeursregwerk behels wat met konvensionele akademiese werk verband hou. Die wetlike raamwerk van toepassing op IE uit staatsgefinansierde navorsing sluit die 2008-wet en die gepaardgaande Regulasies in. Die wetlike raamwerk vereis dat transaksies met betrekking tot sodanige IE die volgende in ag neem:

Kopiereg © 2010 Universiteit Stellenbosch, Alle regte voorbehou

- Nie-eksklusiewe lisensiëring moet voorkeur kry.
- BBBEE- (swart-ekonomiesebemagtigings-) entiteite en klein ondernemings moet voorkeur kry.
- Partye wat die IE op maniere wil aanwend wat optimale voordeel vir die ekonomie en lewensgehalte van die mense van Suid-Afrika inhou, moet voorkeur kry.
- Partye wat wesenlik tot die navorsing en ontwikkeling in aanloop tot die IE bygedra het, moet voorkeur kry.
- Elke IE-transaksie moet die Suid-Afrikaanse regering van 'n onherroeplike en tantièmevrye lisensie voorsien om die IE wêreldwyd vir die gesondheids-, veiligheids- en noodbehoeftes van Suid-Afrika te gebruik.
- Elke IE-transaksie moet 'n voorwaarde bevat wat bepaal dat, indien 'n party sou versuim om die IE tot voordeel van die mense van Suid-Afrika te kommersialiseer, die staat daarop geregtig is om die toekenning van verpligte lisensies te vereis nadat die wetlik voorgeskrewe proses gevolg is.
- 'n Privaat entiteit of organisasie kan 'n eksklusiewe lisensiehouer van IE uit staatsgefinansierde navorsing en ontwikkeling word, indien dit die vermoë het om die IE tot voordeel van Suid-Afrika te bestuur en te kommersialiseer.
- Eksklusiewe lisensiehouers moet onderneem om, waar moontlik, in Suid-Afrika te vervaardig, te verwerk en andersins te kommersialiseer.
- Indien 'n houer van 'n eksklusiewe lisensie nie gedurende die lisensietermyn met die kommersialisering van die IE in Suid-Afrika kan voortgaan nie, moet die US binne 30 dae nadat dit van sodanige onvermoë bewus geword het, NIPMO van volledige redes vir die behoud van enige eksklusiwiteit voorsien. Versuim om NIPMO van voldoende redes te voorsien, kan daartoe lei dat NIPMO die eksklusiewe regte van die lisensiehouer beëindig.
- Elke oordrag van IE deur die US aan 'n klein onderneming in ruil vir aandeelhouding as vergoeding, moet 'n voorwaarde insluit wat bepaal dat, in geval van die likwidasie van daardie klein onderneming, die IE aan die US sal terugval.
- IE-transaksies wat die oordrag van IE deur die US behels, vereis NIPMO-goedkeuring.
- Alle buitelandse IE-transaksies moet vooraf by NIPMO aangemeld word, en moet aan alle toepaslike regulasies en riglyne van NIPMO voldoen of anders deur NIPMO goedgekeur word.
- In die geval van 'n buitelandse IE-transaksie in die vorm van 'n oordrag of eksklusiewe lisensie, moet NIPMO tevrede gestel word dat daar onvoldoende vermoë in Suid-Afrika bestaan om die IE plaaslik te ontwikkel en te kommersialiseer, en dat Suid-Afrikaners steeds uit sodanige buitelandse transaksie sal voordeel trek.
- NIPMO-goedkeuring moet bekom word vir alle tantièmevrye lisensies, en lisensies waarvoor die vergoeding nie op 'n armlengtebasis beding is nie.
- Die US is regtens verplig om vooraf vas te stel of enige voornemende eksklusiewe lisensiehouer daartoe in staat is om die tersaaklike IE in die gelisensieerde gebiede te ontwikkel en te kommersialiseer.

Kopiereg © 2010 Universiteit Stellenbosch, Alle regte voorbehou

DEEL 4: PROSEDURES VIR DIE KOMMERSIËLE ONTGINNING VAN INTELLEKTUELE EIENDOM DEUR AFWENTELMAATSKAPPYE

Personeellede en studente van die US mag nie sonder die vooraf- skriftelike magtiging van die Direkteur van InnovUS 'n belang hê of betrokke wees by privaat maatskappye, beslote korporasies of ander afsonderlike entiteite of ondernemings wat handel dryf met IE wat by of vir die US geskep is nie. In sy verbintenis tot die kommersialisering van sy IE, ondersteun die US die totstandkoming van afwentelmaatskappye waar doenlik en kommersieel uitvoerbaar, en waarin personeellede en studente moontlik betrokke kan wees. InnovUS bied ook verskeie dienste wat die totstandkoming en funksionering van sodanige afwentelondernemings moontlik maak.

4.1 MAATSKAPPYSTRUKTURE

In gevalle waar die US, in oorleg met die uitvinder of promotor van 'n idee, sou besluit om IE te benut deur middel van die totstandkoming van 'n afwentelonderneming, sal dit gedoen word deur die oprigting van 'n afsonderlike onderneming wat normaalweg 'n filiaal- of geassosieerde maatskappy van "InnovUS Tegnologie-ordrag" (hierna "ITO") sal wees, en waarin die US, die uitvinder of promotor van 'n idee, en ander moontlike vennote aandele of ledebelange sal besit volgens 'n verdeling waaroor vooraf ooreengekom is.

Die personeellede van die Universiteit mag nie betrokke wees by enige ander privaat maatskappye, beslote korporasies of ander afsonderlike entiteite of ondernemings wat met die US meeding deur die lewering van onderrig- of navorsingsfunksies of ander primêre funksies van die Universiteit nie. Daar moet in hierdie verband daarop gelet word dat daar van alle personeellede verwag word om te verseker dat navorsingsfinansiering wat deur hulle verkry word vir navorsing wat aan die US gedoen sal word, direk aan die US betaal word. Personeellede sal nie sonder vooraf- skriftelike magtiging van die Direkteur van InnovUS toegelaat word om 'n belang te hê by enige privaat entiteit wat navorsingsfinansiering verkry vir navorsing wat by die US gedoen sal word nie.

Geen personeellid wat betrokke is by 'n afwentelonderneming of ander onderneming saam met die US, mag sonder voorafmagtiging van die Direkteur van InnovUS met so 'n onderneming meeding of by 'n ander entiteit wat met so 'n onderneming meeding deur die lewering van soortgelyke goedere of dienste betrokke wees nie.

Dit staan die US vry om volfiliaal-ondernemings te stig in gevalle waar die US om strategiese redes volle beheer en aandeelhouding in die onderneming *via* InnovUS wil behou. Die doel van sodanige ondernemings sal meestal uitsluitlik wees om die strategiese belange van die US te bevorder, en die US kan ook weier om meer as een afwentelonderneming in dieselfde sektor te stig. Gevolglik kan privaat ondernemings of afwentelondernemings wat sake doen in kompetisie met hierdie ondernemings nie toegelaat word nie, en word alle werknemers dus verbied om by sodanige mededingende ondernemings betrokke te raak, tensy met die vooraf- skriftelike magtiging van die Direkteur van InnovUS. Personeel wat dienste aan hierdie kategorie ondernemings verskaf, kan geregtig wees op "betaling vir dienste gelewer" en/of winsdeling. Die statute en/of aandeelhouersooreenkoms van die onderneming sal in elk geval die besonderhede in hierdie verband neerlê. Hierdie bepaling moet, waar van toepassing, in samehang met die US se IE-beleid insake Kortkursusse geïnterpreteer word.

Die US behou die reg om 'n uittreestrategie vir afwentelmaatskappye te ontwikkel en te implementeer, met dien verstande dat dit 'n vereiste is volgens die 2008-wet dat alle IE-transaksies waarby 'n oordrag van IE aan 'n onderneming ingevolge hierdie afdeling betrokke is, 'n voorwaarde bevat wat daarvoor voorsiening maak dat, in die geval van die likwidasie van die onderneming, die IE weer die US sal toeval.

4.2 DIENSTE DEUR INNOVUS AAN AFWENTELMAATSKAPPYE GEBIED

Kopiereg © 2010 Universiteit Stellenbosch, Alle regte voorbehou

Die kommersiële uitvoerbaarheid van afwentelondernemings sal deur InnovUS ondersoek word nadat die voorgeskrewe besigheidsopenbaarmakingsvorm voltooi is. Daarna sal 'n proses in vennootskap met die uitvinder of promotor van 'n idee gevolg word, waar die onderstaande dienste en ondersteuning (hoewel nie hiertoe beperk nie, en ook nie noodwendig met die insluiting van almal nie) gelewer kan word, soos deur InnovUS bepaal:

- Identifisering van 'n geskikte promotor vir 'n idee
- Sakebeginsel-opleiding vir die promotor van 'n idee
- Opstel van 'n sakeplan
- Vind van strategiese vennote
- Beperkte beskikbaarstelling van vestigingskapitaal op 'n leningsgrondslag
- Beskikbaarstelling van inkubasieruimte en toegang tot fasiliteite
- Beskikbaarstelling van 'n mentor
- Beskikbaarstelling van regs- en finansiële dienste
- Gebruikmaking van die US se finansiële stelsel (kostepunte)
- Gebruikmaking van die US se menslike hulpbron funksies
- Gebruikmaking van die US se IT-netwerk en -dienste

Die US kan die dienste en ondersteuning soos hierin beskryf aan die nuwe onderneming lewer in ruil vir óf ekwiteit óf betaling vir dienste gelewer. Die US kan vereis dat 'n skriftelike ooreenkoms in hierdie verband aangegaan word.

In die geval waar die US se kantoorruimte of laboratoriumtoerusting gebruik word, moet 'n huurooreenkoms eers met die afwentelonderneming ten opsigte daarvan aangegaan word. Sodanige huurooreenkoms sal te alle tye die akademiese belange van die US eerste stel. Die Afdeling Fasiliteitsbestuur is verantwoordelik vir sodanige huurooreenkoms.

4.3 BELANGEBOTSING

Waar die US enige IE na 'n afwentelmaatskappy oordra, eksklusiewe regte toestaan, of van mening is dat die aktiwiteite van 'n afwentelonderneming moontlik 'n direkte invloed op sy openbare beeld kan hê, kan die US aandring op sekere vetoregte in die aandeelhouer se ooreenkoms van sodanige afwentelmaatskappy. In sodanige geval sal die US daarop geregtig wees om ook ten minste een direkteur in die onderneming aan te stel. Geen afwentelonderneming sal toegelaat word om sy hoofbesigheid vir langer as twee jaar op die US se perseel te bedryf nie, tensy daar só deur alle belanghebbende partye ooreengekom word.

Waar 'n akademiese promotor van 'n idee verkies om op 'n voltydse basis of in 'n uitvoerende kapasiteit by die nuwe afwentelonderneming betrokke te raak, moet die promotor van 'n idee se akademiese pligte en vergoeding dienooreenkomstig verminder word. In die geval waar die promotor van 'n idee die besturende direkteur van die afwentelonderneming sal word, is dit nodig dat hy of sy uit die diens van die US tree.

Personeellede is verplig om hulle belange in privaat ondernemings en entiteite op 'n jaarlikse basis aan hulle departementele voorsitter en/of dekaan te openbaar, ongeag of dit 'n US-onderneming is of nie. Dit geld vir direkteurskappe, aandeelhouding, ledebelange en deeltydse aanstellings.

Kopiereg © 2010 Universiteit Stellenbosch, Alle regte voorbehou

DEEL 5: VERDELING VAN INKOMSTE VERKRY UIT DIE KOMMERSIALISERING VAN INTELLEKTUELE EIENDOM

InnovUS sal 'n afsonderlike rekening vir elke IE-produk hou. Tensy anders ooreengekom, sal inkomste verkry uit die kommersialisering van IE verdeel word in ooreenstemming met paragraaf 5.1 hieronder. Hierdie verdelingsformules sal slegs geld vanaf die datum van inwerkingtreding van hierdie IE-beleid, soos bo-aan die beleid bepaal. Daar moet daarop gelet word dat, alhoewel die verdelingsformules soos hieronder uiteengesit van toepassing is op inkomste deur die US verkry uit IE wat spruit uit navorsing gedoen aan die US, dit nie van toepassing is op navorsingsfinansiering of ander geldelike en nie-geldelike bydraes wat verskaf word om sodanige navorsing te ondersteun nie. Daarbenewens is die verdelingsformules ook nie van toepassing op inkomste uit IE wat volgens hierdie beleid alleenlik die US se personeel en/of studente toeval nie.

5.1 TOEWYSING VAN INKOMSTE VERKRY UIT KOMMERSIËLE ONTGINNING VAN IE

Tensy anders ooreengekom en onderworpe aan paragraaf 5.2 hieronder, sal inkomste verkry uit die kommersiële ontginning van IE wat deur 'n personeellid of student geskep is, maar waarvan die eienaarskap by die US berus, toegewys word soos in hierdie paragraaf uiteengesit. Die inkomste wat só verdeel moet word, sluit in alle vorme van inkomste of winste verkry uit die benutting van sodanige IE soos in die 2008-wet gedefinieer, met inbegrip van inkomste in die vorm van nie-terugbetaalbare tantième, ekwiteit (met inbegrip van aandeelhouding), dividende, fooie en kommissies, ander betalings ontvang, en die waarde van nie-geldelike regte en winste ontvang, maar met die uitsondering van skenkings. Indien die personeellid of student sy of haar pro rata-aandeel (soos hieronder bepaal) van die ekwiteit (byvoorbeeld aandeelhouding) in enige entiteit ontvang, sal hy of sy geen verdere aanspraak hê op enige dividende of ander inkomste van die US, alleenlik gebaseer op die ooreenstemmende deel van ekwiteit gehou deur die US in dieselfde entiteit nie, tensy skriftelik anders ooreengekom.

Indien 'n nie-geldelike reg of voordeel ontvang word as deel van die vergoeding vir die benutting van IE, sal die US die waardasie van sodanige regte en voordele laat doen aan die hand van internasionaal aanvaarde standaarde.

Buiten in soverre dit nie regtens toegelaat word nie, sal die direkte koste wat vir die doeleindes van verdeling van inkomste afgetrek moet word ("**direkte koste**"), insluit alle koste, fooie en uitgawes wat die US aangaan en aan onafhanklike derde partye betaal in verband met enige van die onderstaande aktiwiteite:

(i) Registrasie, afdwinging, ontwikkeling en handhawing van enige statutêre beskerming vir intellektuele eiendom, met die uitsondering van enige bedrae wat die US van enige derde party in hierdie verband verhaal

(ii) Ouditering, verhaling of insameling van inkomste, met inbegrip van banktariewe, koste en ander uitgawes van enige aard betaal deur die US ten einde bedrae betaalbaar in te samel, te ontvang of rekenskap daarvan te gee vir die kommersialisering van die IE

(iii) Verdediging, bevestiging en afdwinging van IE in enige IE-kantoor, hof of tribunaal

(iv) Regsadvies en -dienste ten opsigte van die bostaande aktiwiteite, of uitreiking of oordrag van enige sekuriteite, of ander vergoeding wat inkomste uitmaak, of ten opsigte van enige voorgestelde, dreigende of werklike litigasie wat die IE betref

(v) Koste direk aangegaan ten opsigte van marknavorsing, besigheidsontwikkeling, bemarking, advertensies, promosie- en verkoopsaktiwiteite en -dienste, asook administratiewe uitgawes, ongeag of enige van hierdie kostes aan derde partye betaal is of intern deur die US opgeloop is

Kopiereg © 2010 Universiteit Stellenbosch, Alle regte voorbehou

Die geld toegewys aan die uitvinder/skepper se omgewing moet gebruik word om navorsing aan die US te bevorder en mag nie aan enige individu vir persoonlike gewin toegewys word nie. Die US bestuur hierdie toewysings streng volgens die 2008-wet en die vereistes van die SA Inkomstediens rakende sodanige inkomste, en die US behou die reg om die nodige stelsels en prosesse in hierdie verband te implementeer.

A: Bruto inkomste tot en met R1 000 000 (een miljoen rand)

Stap 1

25% van die bruto inkomste word toegewys aan die uitvinder(s)/skepper(s)/outeur(s) of hulle erfgename in hulle persoonlike hoedanigheid. Sodanige toewysing sal gelykop verdeel word tussen uitvinder(s)/skepper(s)/outeur(s) tensy anders skriftelik ooreengekom.

Stap 2

Alle direkte koste wat verband hou met die proses van beskerming en die proses van kommersialisering, sowel as ander koste ooreengekom as verhaalbaar, kan deur die partye wat sodanige direkte koste bygedra het, verhaal word van die bruto inkomste op 'n pro rata-basis in verhouding tot elk se bydrae tot sodanige koste, voordat enige toewysing van die balans van die inkomste kan plaasvind.

Stap 3

Die balans van die inkomste (indien enige), ná die uitvoering van stappe 1 en 2 hierbo (hierna "die eerstevlak- netto inkomste"), sal soos volg toegewys word:

- 50% van die eerstevlak-netto inkomste word aan die US se interne innovasiefonds toegewys.

- 50% van die eerstevlak-netto inkomste word soos volg toegewys:

    - 30% van die eerstevlak- netto inkomste word in gelyke verhoudings aan die US-navorsingsrekening(s) van die uitvinder(s)/skepper(s)/outeur(s) toegewys vir gebruik in hulle navorsingswerk, tot beëindiging van hulle diens aan die US, waarna dit aan die departement(e)/instelling(s)/eenheid(-hede)/sentrum(s) waar die uitvinder(s)/skepper(s)/outeur(s) gesetel was, toegewys sal word.
    - 10% van die eerstevlak- netto inkomste word aan die departement(e)/instelling(s)/ eenheid(-hede)/sentrum(s) waar die uitvinder(s)/skepper(s)/outeur(s) gesetel is, toegewys, pro rata tot die aantal uitvinder(s)/skepper(s)/outeur(s) van elke departement/instelling/eenheid/sentrum.
    - 10% van die eerstevlak-netto inkomste word aan die fakulteite waar die uitvinder(s)/skepper(s)/outeur(s) gesetel is, toegewys, pro rata tot die aantal uitvinder(s)/skepper(s)/outeur(s) van elke fakulteit, welke geld deur die dekaan in oorleg met die betrokke departementshoof bestuur sal word.

Kopiereg © 2010 Universiteit Stellenbosch, Alle regte voorbehou

B: Bruto inkomste bo R1 000 000 (een miljoen rand)

Stap 1

Alle direkte koste wat verband hou met die proses van beskerming en die proses van kommersialisering sowel as ander koste ooreengekom as verhaalbaar, kan deur die partye wat sodanige direkte koste bygedra het, verhaal word van die bruto inkomste op 'n pro rata-basis in verhouding tot elk se bydrae tot sodanige koste, voordat enige toewysing van die balans van die inkomste kan plaasvind.

Stap 2

Die balans van die inkomste (indien enige), ná die uitvoering van stap 1 hierbo (hierna "die tweedevlak-netto inkomste") sal soos volg toegewys word:

- 35% van die tweedevlak- netto inkomste word aan die uitvinder(s)/skepper(s)/outeur(s) of hulle erfgename in hulle persoonlike hoedanigheid toegewys. Sodanige toewysing sal gelykop verdeel word tussen uitvinders/skeppers/outeurs, tensy skriftelik anders ooreengekom.

- 35% van die tweedevlak-netto inkomste word aan die US se interne innovasiefonds toegewys.

- 30% van die tweedevlak- netto inkomste word soos volg toegewys:

    - 10% van die tweedevlak-netto inkomste word in gelyke verhoudings aan die US-navorsingsrekening(s) van die uitvinder(s)/skepper(s)/outeur(s) toegewys vir gebruik in hulle navorsingswerk, tot beëindiging van hulle diens aan die US, waarna dit aan die departement(e)/instelling(s)/eenheid(-hede)/sentrum(s) waar die uitvinder(s)/skepper(s)/outeur(s) gesetel was, toegewys sal word.
    - 10% van die tweedevlak-netto inkomste word aan die departement(e)/instelling(s)/ eenheid(-hede)/sentrum(s) waar die uitvinder(s)/skepper(s)/outeur(s) gesetel is, toegewys, pro rata tot die aantal uitvinder(s)/skepper(s)/outeur(s) van elke departement/instelling/eenheid/sentrum.
    - 10% van die tweedevlak-netto inkomste word aan die fakulteite waar die uitvinder(s)/skepper(s)/outeur(s) gesetel is, toegewys, pro rata tot die aantal uitvinder(s)/skepper(s)/outeur(s) van elke fakulteit, welke geld deur die dekaan in oorleg met die departementshoof bestuur sal word.

5.2 TOEWYSING VAN INKOMSTE VERKRY UIT KOMMERSIËLE ONTGINNING VAN IE WAAR GEDEELDE EIENAARSKAP GELD

Waar die IE gesamentlik deur die US en 'n buite-organisasie besit word, sal die verdeling van inkomste tussen die US en sodanige mede-eienaar van die IE eerstens plaasvind volgens 'n formule waaroor vooraf met die mede-eienaar ooreengekom is. Daarna sal die US se aandeel verdeel word in ooreenstemming met paragraaf 5.1 hierbo. In gevalle waar die IE berus by die personeellid of student wat die US genader het om bystand met die kommersiële benutting daarvan, sal daar ook vooraf oor die verdeling van inkomste tussen die partye ooreengekom word. Eweneens sal daar vooraf oor die verdeling van inkomste ooreengekom word in gevalle waar die US die personeellid of student magtig om IE kommersieel te benut anders as in vennootskap met die US.

Kopiereg © 2010 Universiteit Stellenbosch, Alle regte voorbehou

5.3 GELDELIKE EN NIE-GELDELIKE VOORDELE

Die US se beleid ten opsigte van die kommersiële benutting van IE is om waar moontlik geldelike voordeel te probeer verkry. Voordele is gewoonlik in die vorm van tantième en/of aandeelhouding, wat verdeel sal word ooreenkomstig die voorwaardes van hierdie deel 5, tensy anders ooreengekom.

Indien 'n voordeel in die vorm van 'n bate is wat na die oordeel van die US nie redelikerwys verdeel kan word nie (byvoorbeeld toerusting), sal die US daarop geregtig wees om te kies om sodanige bate in mede-eienaarskap met die uitvinder(s)/skepper(s)/outeur(s) te hou, of, na die US se keuse en te eniger tyd, die onverdeelde aandeel/aandele van die uitvinder(s)/skepper(s)/outeur(s) in die bate oor te koop.

Die US alleen sal geregtig wees om te besluit oor die besit, gebruik en kommersiële ontginning van alle sodanige bates in gesamentlike besit. In die geval waar 'n bate in gesamentlike besit verkoop, verhuur of andersins deur die US kommersieel ontgin word, sal die inkomste wat daaruit spruit ooreenkomstig die verdelingsformules hierin gespesifiseer, verdeel word.

Indien die US verkies om die onverdeelde aandeel(-dele) van die uitvinder(s)/skepper(s)/outeur(s) in 'n bate in gesamentlike besit oor te koop, sal die US poog om met die uitvinder(s)/skepper(s)/outeur(s) oor die koopprys van die onverdeelde aandeel ooreen te kom, maar by gebrek aan sodanige ooreenkoms binne 30 (dertig) dae vanaf die versoek, kan die US die onverdeelde aandeel deur onafhanklike ouditeure laat waardeer, welke waardasie finaal en bindend vir die uitvinder(s)/skepper(s)/ outeur(s) sal wees. Die ouditeure sal die onverdeelde aandeel waardeer deur die geldelike waarde van die bate te bepaal en dan die verdelingsformules hierin gespesifiseer daarop toe te pas. Die US kan die onverdeelde aandele koop binne 60 (sestig) dae ná bepaling van die waarde van die onverdeelde aandele, hetsy soos ooreengekom of soos deur die ouditeure bepaal. In die geval van sodanige koop van 'n onverdeelde aandeel, sal geen vergoeding in die navorsingsrekening van die betrokke uitvinder(s)/skepper(s)/outeur(s) of van die departemente, instellings of fakulteite van die betrokke uitvinder(s)/skepper(s)/outeur(s) inbetaal word nie.

Indien ander duidelik geïdentifiseerde nie-geldelike winste deel moet uitmaak van die vergoeding vir IE-ontginning, sal die US poog om oor regverdige en billike vergoeding vir uitvinder(s)/skepper(s)/ outeur(s) ooreen te kom voor aanvaarding van sodanige winste. By gebrek aan sodanige ooreenkoms kan die US die winste deur onafhanklike ouditeure laat waardeer, wie se waardasie finaal en bindend vir die uitvinder(s)/skepper(s)/outeur(s) sal wees en deur die US gebruik kan word as basis om die uitvinder(s)/skepper(s)/outeur(s) hieronder met behulp van die verdelingsformules hierin gespesifiseer te vergoed.

5.4 BETALINGS AAN UITVINDERS, SKEPPERS EN OUTEURS

Die US wil uitvinder(s)/skepper(s)/outeur(s) stiptelik ná ontvangs van IE-verwante inkomste vergoed en is regtens verplig om dit binne 12 (twaalf) maande ná ontvangs te doen. Dit is die verantwoordelikheid van die uitvinder(s)/skepper(s)/outeur(s) om te verseker dat die US in besit is van volledige en akkurate bankbesonderhede ten einde sodanige betalings moontlik te maak. Alle betalings sal gemaak word deur middel van elektroniese oordrag in Suid-Afrikaanse rand en na Suid-Afrikaanse bankrekeninge, tensy vooraf anders ooreengekom. Die koste daarvan om betaling aan uitvinder(s)/ skepper(s)/outeur(s) te bewerkstellig, sal vir die rekening van sodanige persone wees, met inbegrip van enige koste aangegaan om hulle op te spoor. Indien die US nie by magte is om betaling te bewerkstellig nie as gevolg van foutiewe of onvoldoende bankbesonderhede, sal die US die betrokke bedrae in trust hou vir 'n maksimum tydperk van 3 (drie) jaar, waarna alle regte van die uitvinder(s)/skepper(s)/outeur(s) om sodanige betalings te ontvang verbeur sal word, en die geld uit trust gehaal sal word. Indien die US 'n bedrag in 'n foutiewe rekening inbetaal vanweë verouderde, foutiewe of onvolledige inligting wat aan die US verskaf is, sal die US geen verdere verpligting of aanspreeklikheid ten opsigte van sodanige betaling hê nie, en sal sodanige betaling geag word as stiptelik en behoorlik gemaak.

Kopiereg © 2010 Universiteit Stellenbosch, Alle regte voorbehou

DEEL 6: BYLAE

BYLAAG A

DEFINISIES

Vir die doeleindes van hierdie IE-beleid het die begrippe hieronder gelys die onderstaande betekenisse:

BRIEF VAN VOORNEME

'n Brief van voorneme is 'n skriftelike onderneming wat deur InnovUS aan die promotor van 'n idee gegee word voor 'n projek amptelik deur InnovUS ondersteun word. Die dokument bevat voorstelle wat al die regte, verpligtinge en billike verwagtinge van alle partye ten opsigte van ekwiteit, winsdeling en ander wyses van vergoeding in die nuwe onderneming uiteensit. Die promotor van 'n idee moet aandui in watter mate die voorstelle vir hom of haar aanvaarbaar is. Geen party by die Brief van Voorneme sal deur die voorwaardes daarvan gebind wees totdat 'n ooreenkoms oor sodanige voorwaardes bereik is nie. Sodanige ooreenkoms sal aangedui word deur ondertekening van die Brief van Voorneme deur al die betrokke partye daartoe.

PRIVAAT WERK

Privaat werk word volgens die US se *Algemene Prosedure vir Privaat Werk* gedefinieer as "… werk van 'n gespesialiseerde aard wat verband hou met die aansoeker se vakgebied en wat op 'n deurlopende of herhalende basis op 'n beperkte skaal vir betaling gedoen word, met inbegrip van direkteurskappe".

PROMOTOR VAN 'N IDEE

'n Promotor van 'n idee is 'n personeellid of student met 'n besigheidsidee wat van US-strukture gebruik wil maak om 'n onderneming te begin.

INTELLEKTUELE EIENDOM, OF IE

IE sluit in registreerbare en nie-registreerbare uitvindings, kundigheid, handelsmerke, handelsgeheime, kopieregte, modelle en planttelersregte wat tot stand gekom het deur die verstandelike pogings/denke, insig, verbeelding, kennis en kreatiwiteit van mense.

INTELLEKTUELE EIENDOMSREGTE
Dit verwys na IE soos hierbo gedefinieer, waarvan die eksklusiewe reg van eienaarskap, met die gepaardgaande regte en verpligtinge, volgens wet aan 'n natuurlike of 'n regspersoon (maatskappy, trust, instelling) behoort.

INTELLEKTUELE KAPITAAL

Intellektuele kapitaal behels die somtotaal van IE en ander vorme van tasbare en ontasbare bates wat normaalweg binne maatskappyverband bestaan. Hierdie ander ontasbare bates sluit in, maar is nie beperk nie tot, die volgende: kapitaal, reputasie, bedryfstelsels, kennis, ervaring, bedryfsgeheime, toegang tot markte, toegang tot verspreidingskanale, en gehalteversekering.

KONSULTASIE VS. KONTRAKNAVORSING

Konsultasie
Konsultasie vind plaas wanneer 'n personeellid wat toestemming van die US moes kry om privaat werk te doen, sy of haar kennis aan 'n derde party beskikbaar stel in ruil vir vergoeding, sonder dat daar enige beduidende gebruik gemaak word van die US se fasiliteite, infrastruktuur, ander personeel of studente. Gedurende konsultasie word kennis op kreatiewe wyse toegepas, en kan probleemoplossing

Kopiereg © 2010 Universiteit Stellenbosch, Alle regte voorbehou

plaasvind. Nuwe kennis word gewoonlik nie gedurende konsultasie geskep nie, maar bestaande kennis word bloot toegepas.

Kontraknavorsing
In teenstelling met bostaande, sal nuwe kennis waarskynlik gedurende kontraknavorsing geskep word. Kontraknavorsing word deur 'n buite-organisasie aangevra en die US se infrastruktuur word normaalweg gebruik. Ander personeel en/of studente van die US is gewoonlik ook aktief hierby betrokke. Kontraknavorsing by of vir 'n buite-organisasie moet in ooreenstemming met paragraaf 2.1.4 plaasvind.

TOEVALLIGE KUNDIGHEID

Toevallige kundigheid verwys na alle uitvindings, ontwerpe en kundigheid, of dit nou as IE-regte registreerbaar is of nie, wat nie redelikerwys by die aanvang van die werk, hetsy konsultasie of navorsing, deur die hoof of die personeellid betrokke by die werk voorsien kon word nie. 'n Tipiese voorbeeld is 'n personeellid wat opdrag kry om kliniese proewe op 'n nuwe chemiese verbinding uit te voer, en dan per toeval en buite die reikwydte van die opdrag ontdek dat die aktiewe verbinding ook 'n ander siekte kan genees.

UITVINDING

'n Registreerbare uitvinding is enige produk, proses, metode, toestel of samestelling wat nuut is en 'n vindingryke stap behels, en wat in die handel of nywerheid of landbou gebruik of toegepas kan word. Die term "uitvinding" sluit ook alle uitvindings in in soverre hulle nie gepatenteer of geregistreer is nie, maar eerder beskerm word as vertroulike inligting. 'n Ontdekking is nie 'n uitvinding nie.

UITVINDER

'n Uitvinder is 'n persoon betrokke by die skepping van intellektuele eiendom (m.a.w. wat die uitvinding uitvind), en sluit in 'n skepper van intellektuele eiendom soos gedefinieer deur "**die 2008-wet"**. Alle verwysings na "uitvinder" in hierdie beleidsdokument sluit ook "skepper" in of het dit as alternatief.

SAGTEWARE
Sagteware sluit in alle rekenaarprogramme tesame met alle dokumente (in enige vorm), geskep gedurende die ontwikkeling, instandhouding en bywerking van ontwikkelde sagteware of enige deel daarvan.

OOPBRONSAGTEWARE

Oopbronsagteware verwys na 'n program waarvan die bronkode gratis aan die algemene publiek vir gebruik en/of aanpassing beskikbaar is. 'n Oopbronkode word normaalweg geskep as 'n samewerkende poging waarin programmeerders die kode verbeter en die veranderinge binne die gemeenskap deel.

VOORAFBESTAANDE IE

Voorafbestaande IE verwys na IE wat deur 'n personeellid of student gebruik word vir die doeleindes van sy of haar navorsing of werk, en wat besit word deur 'n ander entiteit as die US. Toestemming van die eienaar van sodanige IE sal waarskynlik vereis word om sodanige IE te gebruik, veral indien die resultate van die navorsing of werk wat uit die navorsing of werk spruit die voorafbestaande IE insluit of daarvan afhanklik is.

VOLKOSTE

Die presiese metode vir bepaling van volkoste sal van tyd tot tyd deur die US in sy Volkostebeleid bepaal word.

Kopiereg © 2010 Universiteit Stellenbosch, Alle regte voorbehou

Die bepaling van die aandeel van die indirekte koste wat aan die relevante navorsing en/of ontwikkelingswerk toegeskryf kan word, sal wees soos van tyd tot tyd in ooreenstemming met die US se Volkostebeleid bepaal.

Kopiereg © 2010 Universiteit Stellenbosch, Alle regte voorbehou

BYLAAG B

WETTE WAARNA IN HIERDIE IE-BELEID VERWYS WORD

Wet op Planttelersregte, Wet 15 van 1976
Wet op Patente, Wet 57 van 1978
Wet op Outeursreg, Wet 98 van 1978
Wet op Handelsmerke, Wet 194 van 1993
Wet op Modelle, Wet 195 van 1993
Wet op Nagemaakte Goedere, Wet 37 van 1997
Wet op Mededinging, Wet 89 van 1998
Wet op Biodiversiteit, Wet 10 van 2004
Wet op Intellektuele Eiendomsregte uit Staatsgefinansierde Navorsing en Ontwikkeling, Wet 51 van 2008

Verduidelikende aantekening ten opsigte van die 2008-wet:
Die Wet op Intellektuele Eiendomsregte uit Staatsgefinansierde Navorsing en Ontwikkeling, 2008 ("**die 2008-wet**") vervang nie enige van die ander IE-wetgewing nie, maar bou voort op sodanige wetgewing om 'n baie spesifieke bedeling te skep vir IE wat uit staatsgefinansierde navorsing spruit, wat in sekere opsigte verskil van die verstekposisies wat deur die ander wetgewing vasgestel word. Die ander IE-wetgewing moet dus saamgelees word met die 2008-wet ten einde die volle regsomgewing waarbinne die US ten opsigte van IE funksioneer, te bepaal. Indien en in soverre die 2008-wet in stryd is met die ander wetgewing, sal die 2008-wet geld.

Kopiereg © 2010 Universiteit Stellenbosch, Alle regte voorbehou